

LAERSKOOL PRESIDENT PRETORIUS



Eeufeesgedenkuitgawe

1897 - 1997

Sommige skoolhoofde



S. Boersma
(1897 - 1899)




J.H. le Roux
(1914 - 1937)



C.C. Mans
(1974 - 1980)



G.P. Brydon
(1902 - 1911)



W.J. de Wet
(1938 - 1962)



P.G.L. Grobler
(1981 - 1984)



G.J.A. Beard
(1911 - 1914)



L.H. Oosthuizen
(1963 - 1973)



F.C. Mountjoy
(1985 - 1996)

Skoollied

NUWE SKOOLLIED

Waar ou Potchefstroom se hartklop ruis
langs die stoer ou eikelaan
Iê die skool waar ons ons drome droom
waar ons steeds ons man kan staan.
In ons hart en in ons diepste self
in alles wat ons voel maak jy ons ideale waar
bring jy ons by ons doel.
President Pretorius, jy gee ons moed en hoop
met ons leuse as "Oorwin deur diens"
gaan 'n wondertoekoms oop.

Al die mense wat ons hier ontmoet
al ons meesters al ons maats
is die anker in ons lewenssee
wat ons lewensvreug weerkaats.
Al die kennis wat ons hier kon kry
die aanleer van die stryd,
gee ewewig aan wennersvreug
vir elke toekomstyd.
President Pretorius, jy gee ons moed en hoop
met ons leuse as "Oorwin deur diens"
gaan 'n wondertoekoms oop
met ons leuse as "Oorwin deur diens"
gaan 'n wondertoekoms oop.

Woorde: Prof. Rassie Smit
Musiek: Me. Alna Smit

OU SKOOLLIED

Daar's 'n skool in Potchefstroom: in die weste van Transvaal
Waar ons kindertjies van kleins af strewe na 'n ideaal
Om soos ware Boerekinders fier ons hoof omhoog te hou
In die President Pretorius word die nasietrots gebou

En die kleure van ons skool is groen en rooi en goud
Oorwin deur diens ons leuse.
Daarmee is elkeen vertroud.
Hier word ons geleer, gelei ....
om die wêreld deur te gaan.
Mag die President Pretorius vir ons jeug altyd bly staan.



Coert en Lena van der Walt

Hierdie skoollied dateer uit 1954. Op 10 Desember van daardie jaar het die skeppers daarvan dit amptelik aan die skool oorhandig.

Lena van der Walt (née van Bruggen, dogter van die bekende Afrikaanse skrywer Jochem van Bruggen, die skepper van die onvergeetlike Ampie) was die digter, terwyl haar man, mnr. C.P. (Coert) van der Walt, wat van 1936 tot 1971 met klein onderbreking as onderwyser aan die skool verbonde was, die toonsetting gedoen het.



LAERSKOOL PRESIDENT PRETORIUS

historiese oorsig

deur Elize van Eeden

'n Era van onderwysontwikkeling - Meribaskool gevestig -

Die laaste dekade van die negentiende eeu was 'n dekade van vele omwentelinge in Suid-Afrika. In die ou Zuid-Afrikaansche Republiek (tot onlangs toe Transvaal) en waarvan Potchefstroom deel vorm, was daar op polities-ekonomiese vlak 'n steeds groeiende woordeoorlog tussen die Paul Kruger-regering en immigrante. Deelname op politieke terrein met volle burgerregte was die vernaamste versoek wat die ZAR nie aan die sogenaamde "uitlanders" en "fortuinsoekers" wou toestaan nie. Alhoewel Potchefstromers die ontwikkeling van die ZAR se minerale "fortuine" half op 'n afstand betrag het, het hulle nogtans deel gevorm van die groeiende politieke debat wat ook hulle toekoms sou raak. Dink maar aan die Jameson-inval van Desember 1895, gevolg deur die 1899-1902-oorlog tussen die Republieke (die ZAR en die Oranje-Vrystaat) en Brittanje. Vergeet ook nie die 1897-runderpes wat 'n groot seerplek veroorsaak het op die ZAR se, tot toe nog, vernaamste ekonomiese bedryf nie. Potchefstroom-distrik het sy onaangename herinneringe hiervan...

Op sosio-kulturele terrein was die laaste jare vir die ZAR voor die oorlog in baie opsigte 'n bloeitydperk in die onderwys. 'n Nuwe Onderwyswet van 1892 onder superintendent Mansveldt het veranderinge voorgestel soos sentralisering van die onderwys en hoër kwalifikasievereistes vir blanke onderwysers in openbare skole. Jeugdiges is aangemoedig om op 'n meer gereelde grondslag skoolonderrig te ontvang, en ouers om meer te begin bydra vir hul kinders se onderrig. Die onderwysstruktuur in die Republiek het toe al sodanig gevorder dat meer onderwysers beskikbaar was, en openbare skole gevestig is om hulpbehoewende kinders te onderrig. Besorgdes, selfs op individuele vlak, het goedhartig ruimtes beskibaar gestel waar daar 'n behoefte was aan 'n bymekaarkomplek om te leer.

In Potchefstroom was daar ook besorgdes en barmhartiges. Bewoners in die omgewing van die Meribameule in Noordbrugweg het in 1891 met groot entoesiasme 'n "geschikte locaal aan de achterkant van het huis" van ene mev. Hoffman by die Meribameule, met haar goedkeuring, vir 'n skool in die bo-dorp ingerig. Die mode van die tyd was om dorpskole te stig, om onder meer die moeite met minder gevorderde rytuie oor lang afstande na skole uit te skakel. Op 13 Julie 1891 is die Meribaskool met sowat 20 leerlinge onder J.A. Hesse se leiding geopen. Die welbekende "meester" J.A. Grimm was Hesse se opvolger.

Buiten dat die leerlingtal wisselend was, was agterstallige skoolgeld 'n kopseer vir die Skoolkommissie. Daarby was die ligging van die skool vir sommige ouers en die Kommissie nog alles behalwe gewens. Die behoefte was vir 'n skool nog nader aan Potchefstroom-dorp. Dit was 'n mevrou Meyers wat op onbaatsugtige wyse op hierdie behoefte gereageer het, toe sy haar woning in Mareestraat 28 in 1894 tydelik tot die beskikking van die *Meribaskool* met sy 36 leerlinge en F. Eybers as hoof gestel het. Ewe gepas, of dalk heel toevallig, is die "nuwe skoolgebou" op 28 Junie dié jaar in gebruik geneem. Vir drie jaar is hiér gearbei voordat 'n afvaardiging van die skool hulle begin beywer het vir 'n volwaardige skoolgebou. Volksraadslid vir Potchefstroom in die Zuid-Afrikaansche Republiek en vermoënde sakeman, W.J. Jooste, ontferm hom oor Meribaskool se lot, en skenk eenduisend pond vir die oprigting van 'n skoolgebou. 'n Derde verskuiwing word gemaak toe Jooste nog grond in Maurylaan (tans die oostekant of "agterkant" van die huidige skool naby die ou Markplein) skenk waar die gebou opgerig kon word.

Skoolwees te midde van die politieke en taaloorlog

As eerbewys aan Jooste is die Meribaskool se naam na die *W.J.-Jooste-Gift-School* verander en só geregistreer.

Die skool is in Januarie 1897 met 220 leerlinge ingewy. Die naamsverandering is insiggewend.

Nie alleen wou dit die "Gift" (Nederlandse uitspraak) of geskenk histories verewig nie, maar met dié "gift" is terselfdertyd in Engelse uitspraak, 'n beeld geskep van verengels te wees. Die taaloorlog wat toe nog net op koloniale vlak gewoed het, is deur Lord Alfred Milner sedert 1902 na elke uithoek van Suid-Afrika gestuur. Die WJ-Jooste-Gift-School is egter, blyk dit, sonder slag of stoot gevestig, en hiérdie naam (wat gewoon afgekort is as Jooste-Gift-School of Jooste-School) is tot in 1906 behou.

Die eerste hoof van die Jooste-Gift-School was mnr. S. Boersma, en soos blyk uit sy militêre sentiment, ook skynbaar 'n "boer" in murg en been! Met sy aansluiting by die Boeremagte in 1899 het J.J. van der Merwe as skoolhoof opgetree vir die sowat 220 kinders - 'n 90% styging sedert die eerste dae van die Meribaskool.

Alhoewel die oorlog tussen Brittanje en die Republieke gemeenskappe se dag-tot-dag-aktiwiteite aansienlik ontwrig het, asook lewensverlies van duisende tot gevolg gehad het, was die skole wat weer na die oorlog gefunksioneer het, se leerlingtalle hoog. Waar sommige skole nie ná die oorlog weer geopen is nie, het nuwes bygekom en ander weer van naam verander.

Die naamsverandering in 1907 na die *North School* het duidelik die politieke tydsgees van 'n veranderende Suid-Afrika onder die nuwe, Britse, regeringsbestel weerspieël. Dit blyk dat die nuwe onderwysbedeling meer ten gunste was van naamgewing wat nie individue of groepe erken nie, maar eerder 'n naam wat baie neutraal voorkom of duidelik die ligging van 'n skool aandui.

Daar was immers ook in daardie dae 'n *South School* in Potchefstroom. Die North School het heel waarskynlik nie net Hollandsprekende leerlinge geakkommodeer nie, en was saam met die South School die enigste skole in Potchefstroom wat nie skoolfonds van kinders gehef het nie.



Mnr. G.P. Brydon en sy personeel op Uniewording, 31 Mei 1910. Uniewording is gevier met 'n sportdag in die weiveld waar die Stadsraad aan die leerlinge verversings verskaf het en elkeen 'n kommetjie as aandenking ontvang het. Die W.J. Jooste Gift School (wat in Nederlands uitgespreek is), het in Maart 1909 die North School geword. G.P. Brydon was vanaf 1902 tot 1914 skoolhoof van die North School.

'n Foto van PP se padpatrollie in die sestigerjare.





Een van die oudste rugbyspanfoto's: 1964 se eerste "voetbalspan" wat die Wes-Transvaalse Laerskoleliga gewen het.
Voor is J. Joubert, J. van den Berg, J.C. Maritz (kaptein), A. Lindeque en D. Burger.
In die middel is mnr. H. van Zyl ("breier"), S. Harmse, M. Blignaut, S. Badenhorst, J. du Plooy, F. Zeiler, W. van Heerden en mnr. L.J. Nortjie ("breier").
Agter is S. Vermaak, P. Burger, A. Bird, E. Britz, W. Lessing en R. Harmse.

Eeufeesprogram '97

27 Februarie	PPSA Eeufees-atletiekbyeenkoms
23 Mei	André Schwartz (Sanlam-Ouditorium)
26 Junie	Eeufeeskinder-partytjie
26 Augustus	Eeufeesbylaag in die *Herout*
19 September	Massa bring-en-braai
20 September	Mini Kermis Eeufees gholf Eeufees dinee
21 September	Kerkdiens
22 tot 24 Oktober	Eeufeeskonsert

IHB DIESEL

Tel: (0148) 297-5257
Faks: (0148) 297-5965

Posbus 1103
H/v Durr en Jeppestraat 2
POTCHEFSTROOM
2520

Dieselpomp, inspuiters & aanjaerspesialiste



Baie geluk en sterkte vorentoe!
Valie en Debbie Bakkerus

Amalgamasie bring nuwe groei

Sowat 267 leerlinge en agt onderwysers (of assistente soos hul bekend was) het in 1903 G.P. Brydon as nuwe skoolhoof vir die W.J. Jooste Gift School, en later ook hoof van die North School, welkom geheet. Insiggewend gedurende hiérdie nuwe fase vir die skool was dat Hemelvaartdag net soos tans nie 'n vakansiedag was nie. Dit sou eers later ingestel word. Verder is daar ook moeite gedoen met uitstappies na instansies en interessanthede in die omgewing. Skooluitstallings is van tyd tot tyd by 'n sentrale punt gehou. Dit het gepaard gegaan met 'n dag se vakansie met die doel dat soveel mense as moontlik die uitstallings bywoon om veral die skool se inskrywings met trots te gaan waardeer. Ander "nie-amptelike vakansiedae" was wanneer die weer te gurig was om die ongeteerde paaie aan te durf!

Die inspekteur van Onderwys het in 1905 sy tevredenheid uitgespreek met wat onder swak omstandigheide in die W.J. Jooste Gift-school vermag is. Hy was nie tevrede met die "small house" en "three small rooms" nie, soos hy dit gestel het. Dit het klaarblyklik veral vir die laer klasse gegeld wat op die "North Burger Right"-gronde skoolgegaan het, en as deel van die W.J. Jooste Gift School gefunksioneer het. Dit was algemeen bekend as die "Burger Right School". In 1907 is die laerklasse-afdeling van die skool op die "North Burger Right"-gronde gesluit en na die "North Bridge School" oorgeplaas wat vanaf 8 Februarie 1907 die takskool van die "nuwe" North School geword het. Die verandering van naam is amptelik met 'n hoeksteenlegging in Maart 1909 deur genl. Jan Smuts bekragtig.

Gedurende Brydon se periode as skoolhoof tot 1911 was die vernaamste ontwikkeling wat die skool geraak het, sekerlik die beweging rakende Christelik-Nasionale Onderwys. Die North School se leerlingkrag is in 1906 versterk toe 23 leerlinge van 'n CNO-skool, gestig deur A.J. van der Walt, van bo-Molenstraat oorgeplaas is. Daar word genoem dat die CNO-skool van J.F. van Graan en Julius Rocher op twee erwe in Molenstraat die laaste CNO-skool was, en in Oktober dié jaar by die North School ingeskakel het. Gebrek aan fondse was moontlik die CNO-skole, soos dié van Van der Walt en Van Graan, se groot doodsteek. Een van die geleenthede wat uitstaan in Brydon se termyn is sekerlik 31 Mei 1910, toe 'n ieder en elk geleentheid gekry het om die Uniewordingsgeleentheid van Suid-Afrika te beleef. Die joernaalinskrywing vir dié dag herinner dit as 'n aangename, suksesvolle sportdag in die weivelde waartydens al die kinders, op die koste van die Stadsraad, verversings ontvang het, en 'n kommetjie ontvang het wat spesiaal vir die geleentheid gemaak is.

Nie-akademiese skooldae was inderdaad volop, en natuurlik welkom. Met G.J.A. Beard se aanstelling as skoolhoof in Julie 1911 het North School reeds die bekroning van koning George V in Engeland op 22 Junie met 'n sportbyeenkoms en 'n fees in die Park gevier. In hiérdie stadium was die leerlingtal baie naby aan 439. Die druk wat dit op die paar klaskamers geplaas het, is onbeskryflik. Om in Potchefstroom met sy uiterste temperatuurskommelinge tussen somer en winter skool te gaan in die ystergebou of sg. "iron room" soos dit bekend was, was sekerlik nie maklik nie. Dat die inspekteur so dan en wan sommige onderwysers oor hulle humeure in die klaskamer moes vermaan, moet dalk ook aan dié temperature toegeskryf word!

In 1913 was daar darem sprake van gebouvernuwing by die hoofgebou van die skool. Die Skoolraad het besluit om die takskool by die kernskool in te skakel sodra die nuwe vleuel gebou was. 'n Nuwe gebou vir die houtwerkklasse het in die daaropvolgende jaar gevolg.

J.H. le Roux het vir jare sedert 1914 as waarnemende hoof vir North School ingestaan in die afwesigheid van Beard, wat as vrywilliger aan die kant van die Uniemagte aan die Eerste Wêreldoorlog deelgeneem het. Dit was swaarkryjare gepaard met emosionele opwellinge op politieke gebied, wat North School nie ongeskonde gelaat het nie. Die 1918-griepepidemie of "Spaanse griep" het vir 'n tyd lank 'n wurggreep op leerlinge se skoolbesoek gehad. Dit blyk dat die skool gedwing was om as gevolg hiervan sy deure gedurende hierdie jaar vanaf middel Oktober tot skuins voor die einde van November te sluit. Armoede het in hierdie stadium so 'n probleem geword dat 'n sopkombuis begin is om aan verhongerde kinders 'n eetgoedjie te verskaf. Die plaaslike tak van die jong Suid-Afrikaanse Vroue Federasie het vanaf die dertigerjare hiérdie diens uitgebrei tot die verskaffing van melk, kaas, wors, groente en droë vrugte teen 'n geringe koste. Hiérdie diens is tot en met 1959 gelewer, en teen die tagtigerjare slegs aan behoeftige leerlinge. Die here Turkstra (Potchefstroom) en Coki (Klerksdorp) het toe onderskeidelik brood en vrugte op 'n daaglikse basis verskaf.

Kort na die tragiese griepepidemie was dit die inwyding van die nuwe Union Jack-vlag by die skool wat klaarblyklik vir 'n verleentheid gesorg het toe een van die personeel sy minagting teenoor die hele seremonie op Le Roux en die res van die personeel uitgewoed het. Moedeloos vermeld Le Roux in Oktober 1919 dat die vlag se koord sedert die amptelike inwyding al drie keer afgesny is. Mens kan maar net wonder of die moeilike personeellid geweet het wie die sondebok was... Vir jare hierna sou daar van tyd tot tyd polities-gekoppelde-emosionele "spanning" onder veral die manlike onderwysers wees wat die skoolhoof met die nodige gesag moes ontlont.

Dan was daar ook innoverende hardebaardseuns wat met daggarokery geëksperimenteer het, en meisies wat knaend deur besoekende skoolverpleegsters gewaarsku is om die "ongediertes" van hulle koppe te verwyder, anders word hulle uit die skool gesit. Hoe gelukkig was die seuns met hulle kaalgeskeerde 'haredos' tog nie! Hiérdie waarskuwings was nooit vir hulle bedoel nie... tye was immers swaar en mens moes tog spaarsamig wees met water en so aan. North School, en die latere Noord School, het ook sy kwota skorsings gehad oor sommige leerlinge versuim het om die nodige werk te doen en as al te parmantig beskou is, wraakgedagtes teen onderwysers ingesluit.

Meer aangename historiese oomblikke was daar beslis. Die twintigerjare sal onthou word as 'n besonderse dekade van vernuwing. Benewens die grootskaalse insamelingsveldtog in 1921 om 'n "Pathescope" van 70 pond aan te koop wat foto's kon neem en vergroot, was daar ook die jaarlikse huissportbyeenkoms - toe nog 'n nuutjie vir die skool.

Le Roux sou eers in 1922 sy hoofskap in 'n permanente hoedanigheid in die North School voortsit. Hy en vyftien onderwysers moes vanaf 1922 as opvoeders in die "nuwe" amptelike *Noord School* optree. Dit blyk dat die Noord School as benaming alreeds in gebruik was voor die amptelike naamsverandering. Eweneens is die benaming North School steeds gehoor nadat Noord School amptelik hernoem is.

Vanaf 1924 was die nuwe Nasionale Party-regering, of Pakt-regering, se politieke gevoel duidelik sigbaar in die Onderwysstelsel van die tyd. Skoolhoof Le Roux was byvoorbeeld nie toegelaat om st. vyf-leerlinge na 'n Engels-medium hoërskool vir st. ses oor te plaas nie.

Graad 1



Arthur Atkinson, Chantelle Bechtold, Mandie Bekker, Sanet Benadé, P.J Boardman, Dawie Botha, Ruben Botha, Wilmie Brouwer, Nelius Buitendag, Stoffel Cordier, André de Beer, Andrea Engelbrecht, Nicola Erasmus, Marné Gadney, Karin Gass, Reshaad Haign, Olivia Hendricks, Sjandré Jafta, Celeste Jansen van Rensburg, Shalané Jonathan, Natasha Jonker, Christopher Jonkers, Emma Jooste, Jérome Joubert, Wayne Kolesky, Hannes Labuschagne, Janine Lategan, Marike le Roux, Cecilia Louw, Johan Louw, Patience Makatane, Zack Maree, Rayno Maritz, Johan Minny, Daniel Mokoena, Israel Montshiwa, Realeboha Mosoabuli, Heyns Mouton, Jo-Anne Opperman, Burmilda Pieterse, Rivona Pieterse, Lucinda Pieterse, Layton Pietersen, Dewald Potgieter, Annemie Pretorius, Diederik Pretorius, Eloise Pretorius, Willem Pretorius, Esmeralda Richter, Jan-Lucas Sandrock, J.B. Schoenfeld, Marco Soru, Kobus Stander, Donovan Stoltz, Edwinn Swanepoel, Tinus Terbianche, Giséllle Timms, Bianca van Aardt, Janiné van der Walt, Aliana van Emmenis, Amori van Rensburg, Marizann van Tonder, Gerhard van Wyk, Lehandri van Zyl, Jan-Hendrik Venter, Martin Vorster, Gwendolyn Weeks en Roderick Williams.

As die ouers daarop aangedring het, is die saak eers na die inspekteur van skole verwys. St. ses-leerlinge moes verkieslik eerder by Noordskool bly omdat hierdie standerd wel aangebied is. Daar is min verskil in die vakke van destyds in blanke skole teenoor dié hedendaags. In die Noordskool (nie meer die Nederlandse vorm 'school' nie) is Afrikaans, Engels, Natuurkennis, Geskiedenis, Rekene, Naaldwerk, Houtwerk en Kookkuns aangebied. Om al hierdie vakke in die laerskool aan te bied was in daardie dae nie vreemd nie, omdat soveel leerlinge teen st. ses-vlak of die hoër afdeling aansienlik ouer was as vandag se twaalf-dertienjariges in dieselfde standerd.

'n Verdere toename tot 528 leerlinge het gevolg nadat die Afrikaans Medium Laerskool Gimnasium (ook voorheen deel van 'n CNO-skool) in Januarie 1927 met die Noordskool geamalgameer het. In hierdie stadium het die erkenning van Afrikaans as volwaardige kommunikasiemedium op skoolvlak en waarskynlik die amalgamasie van Gimnasium met Noord School, permanensie aan die naamsverandering van North na Noordskool verleen.

Amalgamasie was vir die pioniers van die Noordskool sekerlik 'n verblydende gebeurlikheid, aangesien dit die behoud van die skool bevorder het en die gemeenskap in die onmiddellike omgewing daarvan bevoordeel het. Uitbreiding het egter ook sy kopseer meegebring. Die ontoereikendheid van die skoolgebou vir die aantal leerlinge het tot gevolg gehad dat die gebou van die vroeëre Gimnasium Laerskool gebruik is vir graad 1 tot st. 1 (laasgenoemde tans graad 3) en as 'n soort takskool van Noordskool gedien het. By 'n gebrek aan ruimte en klaarblyklik niks positiefs om oor te rapporteer nie, was dit die skooltuin wat in hierdie stadium die meeste aandag gekry het, en selfs 'n pluimpie van die inspekteur ontvang het!

'n Ander sigbare verandering waaraan die Noordskool vanaf Augustus 1929 gewoond sou moes raak weens die amalgamasie met Gimnasium, was die skool se naam. Die Skoolkommissie het reeds in 1928 ingestem dat hulle meer gemaklik is met die name *Hendrik Potgieter* of *President Pretorius Laerskool*. Na stemming is laasgenoemde verkies. Dit was weliswaar die vyfde naamsverandering in 38 jaar, maar dié keer was dit meer blywend. Die naam het waarskynlik die meerderheid verbonde aan die skool se kulturele sentiment verteenwoordig. Die naamskoppeling aan eertydse president Marthinus Wessel Pretorius van die ZAR was ook te danke aan sy jarelange verbondenheid met die Potchefstroom-gemeenskap, en met die vermaarde kolonel Izak Meyer as oorlewende kleinseun, toe steeds in die midde van die skoolgemeenskap en voorsitter van die Skoolraad. Ironies genoeg is 'n verlangse verbondenheid met dié W.J. Jooste-familie ook later jare spontaan verseker toe kolonel Meyer se dogter Tina met 'n Jooste getroud is. Sy het in 1997 nog in Potchefstroom gewoon.

Toenemende groei - nouer ruimtes

Skaduwees van droogte en depressie gedurende die dertigerjare in die res van Suid-Afrika het nie verhinder dat President Pretorius Laerskool se leerlingsterkte stabiel tussen 350 en 400 bly nie. Die sluiting van etlike plaasskole in die distrik en die verskuiwing van families vanaf plattelandse gebiede na dorpe en stede, sowel as die destydse gewilde tendens om onderwys en opleiding as sleutel tot die toekoms voor te hou, was die vernaamste redes hiervoor. Die swak toestand van die skoolgebou het vir skoolinspekteur De Vos, skoolhoof Le Roux, sy personeel en die Skoolkommissie 'n struikelblok gebly. Die inspekteur het in sy 1936-inspeksierapport die uiterlike stand van die skoolgebou só gesien:

Die oorspronklike gebou dagteken van voor die Driejarige Oorlog. Van tyd tot tyd is daar aangebou sodat die toevoegsels heelwat groter is as die oorspronklike gebou. Aan die agterkant is daar 'n lokaal van sink wat tot onlangs vir die handewerkklasse gebruik is, maar noudat 'n geskikter lokaal by die Gimnasium ingerig is hiervoor is die gereedskap oorgebring daarheen. Dan is daar nog 'n gebou van sink wat die opsigter se familie bewoon. Die skool is ongerieflik en alles behalwe mooi. Twee lokale wat leeggestaan het is pas ingerig as 'n goeie sentrum vir die huishoudkunde. Dit word al weer tyd om die skool op te knap. Die skoolgronde is taamlik ruim en beslaan byna twee morge. Ongelukkig is dit 'n lang strook wat deurloop van straat tot straat. Deur die middel is daar 'n pad vir die sanitêre wa wat die speelgrond ernstig belemmer. Die terrein, ten spyte van 'n poging hier en daar, gee die indruk van verwaarlosing...

Die Fick-fonds van 70 pond wat in 1920 begin is en vir jare in die vergetelheid lê en rente ophoop het tot 120 pond, was die aansporing om fondse te begin insamel vir die opknapping van die skoolgeboue. Dié het teen die einde van 1936, met die hulp van Departementele fondse 'n aanvang geneem, en is teen 1939 as bevredigend beskou vir veral die buiteskoolse aktiwiteite. Die ruimte waarop die skool uitgelê is, was egter vir jare hierna deur inspekteurs as taamlik ongemaklik beskryf. 'n Meer positiewe noot was die verskyning van Laerskool President Pretorius se eerste jaarblad in 1936 om die eerste 45 jaar te gedenk. Menere A.P. van der Walt en N.G. Venter was hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik.

Die 1927-amalgamasie is in 1937 deur die inspekteur tot niet gemaak. Daar is verklaar dat beide President Pretorius Junior, by die Gimnasium-gebou, en President Pretorius Senior, in die ou Noord School, van nou af weer aparte skole sou wees. Die redes hiervoor is duister. Dit mag wees dat die ongerieflike afstand tussen die geboue en die gedurige ongemak met skakeling en uitruiling van toerusting, hierdie besluit van die inspekteur aangemoedig het. Die groeiende leerlingtal van die Juniorgroep is dalk 'n ander rede vir dié stap. President Pretorius Junior was van Januarie 1937 bekend as die Mooirivierskool. Die senior afdeling van Gimnasium het steeds onafhanklik bly voortbestaan.

President Pretorius het gedurende die vroeë dertigerjare reeds oor 'n spesiale klas beskik wat vanuit die ou Demonstrasieskool ontstaan het. Teen 1937 was dit hoofsaaklik 'n handjievol leerlinge waarvan die helfte alreeds die laaste fases van hulle tienerjare bereik het - inderdaad 'n verskeidenheid waarmee onderwysers te doen gehad het! Vir skoolhoof Le Roux was dit sy laaste jaar van diens.

Skoolhoof Wouter De Wet se 24 jaar-termyn het begin met 'n leerlingtal van 324. Teen 1938 het die getal egter tot 384 gegroei nadat die leerlinge van die plaasskool Prinsloorust, en 'n jaar later 21 leerlinge vanaf Machavie, by President Pretorius ingeskakel het. Hulle is daagliks per bus na die skool vervoer. Vir die onderwysspan van De Wet was 1938 'n aangename jaar van veral baie "eerstes" in die era van die tegnologie waarin hy sekerlik 'n prominente dryfveer was. So is die skool se eerste klankprojektor in 1938 aangeskaf, en die eerste rolprent op 17 Maart 1938 vertoon. Die okkasie was só spesiaal dat selfs die inspekteur van Onderwys genooi is. 'n Mens kan maar net wonder watter film die eerste was om gedraai te word.

Voorts is 'n Fritz Kuhler-klavier in Junie 1938 aangeskaf. Ander tegnologiese "nuutjies" was die tikmasjien, 'n duplikator (ouer boetie van vandag se gerieflike kopieërders) en 'n telefoon - byna dertig jaar na die eerste installering van 'n telefoon in Potchefstroom.

President Pretorius Laerskool,
baie geluk met
jul 100ste bestaansjaar



Harold's

NISSAN

H/v Kerk & Wolmaransstraat
POTCHEFSTROOM
Tel: (0148) 294-5218

	N/U TEL
Paul Botha:	297-4840
Brenda Taljaard:	297 2049

Skoolhoofde

Meribaskool (1891-1896)
J.A. Hesse (1891-1894)
J.A. Grimm (1894)
F.Eybers (1895-1897)

W.J. Jooste Gift School (Januarie 1897-1901)
S. Boersma (1897-1899)
J.J. van der Merwe (1899-1902)

North School (1903-1922)
G.P. Brydon (1902-1911)
G.J.A.Beard (1911-1914)
J.H. le Roux (waarnemend 1914-1922)

Noordskool (1922-1928)
J.H. le Roux (1922-1928)

President Pretorius Skool (1929-1997)
J.H. le Roux (1929-1937)
W.J. de Wet (1938-1962)
L.H. Oosthuizen (1963-1973)
W.L. Ludick (waarnemend 1973)
C.C. Mans (1974-1980)
J.J. van Rensburg (waarnemend van 1980-April 1981) P.G.L. Grobler (1981-1984)
R.G.B. Jacobs (waarnemend, Julie-Desember 1985)
F.C. Mountjoy (1985-1996)
E.Hare (waarnemend 1997)

Vir baie blanke Suid-Afrikaners was 1938 ook 'n besondere jaar omdat die 100-jarige fees ter nagedagtenis aan die Groot Trek oral in Suid-Afrika gevier is. Dit is nie baie seker wat President Pretorius se leerkragte van die geleentheid gemaak het nie. 'n Heel terloopse inskrywing, erg ingedruk tussen alles wat reeds aangeteken was tussen 28 Oktober en 21 November, lui: *Skool vandag gesluit ter geleentheid van die feesvieringe met die besoek van die Voortrekkerossewaens.*

Op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog in 1939, en te midde van etlike ouers se aktiwiteite in die Ossewa Brandwag, was die leerlingkrag 434 sterk. Gebouruimte was weer in aanvraag. 'n Sinkgebou en die saal moes tydelik ingespan word. Twee jaar later het die getal met byna 100 toegeneem tot 501. Die steeds stygende toename in leerlingtal teen 1942 kon nie deur die skool se beperkte ruimtes gedra word nie en van die Prinsloorus "buskinders" en die "spesiale klaskinders" moes na die Suidskool of die Hendrik Potgieter Laerskool verskuif. Al die ouers was nie hiermee gediend nie en het erg beswaar gemaak. Of hulle uiteindelik tegemoet gekom is, is onseker. Hiérdie reaksie kan gesien word as 'n pluimpie vir die Laerskool President Pretorius wat reeds bekend was vir sy bestendige akademiese standaard en buitengewone prestasies op kulturele gebied.

Die oorlogsatmosfeer het kennelik nie 'n groot uitwerking op die skool gehad nie. Dit was veel eerder innerlike spanning tussen veral volwassenes wat geheers het rondom die militêre aktiwiteite van die Ossewa Brandwag, wat teenstrydig was met regeringsbeleid en die regering se besluit om wel aan die Wêreldoorlog teen Duitsland deel te neem. Sommige leerlinge wie se ouers polities/militêr betrokke was, was in hiérdie opsig waarskynlik ontwrig. Skoolhoof De Wet het net by een geleentheid van 'n welbekende onderwyser, C.P. van der Walt, moes rapporteer dat dié vir twee jaar na 'n kamp vir Ossewa Brandwag-aangehoudenes geïnterneer is. Die leerlinge het wel goed geweet van die dag toe dié Oorlog beëindig is. Die regering het twee dae vakansie vir die skole aangekondig om hierdie verblydende tyding op 16 en 17 Augustus 1945 te vier.

Die oorplasing van kinders na Suidskool het 'n geringe mate van verligting vir die 13 klaskamer-geboufasiliteit van die Laerskool President Pretorius gebring. Teen 1945 was die leerlingtal 'n stewige 497 op die register. In die Potchefstroom-distrik was die tendens vanaf die veertigerjare om Hoër Middelbare skole te vestig.

Dit het heelwat laerskole die geleentheid gegee om van hulle standerd sesse oor te plaas na die hoërskole. President Pretorius het in 1947 dié skool se standerd sesse na hoërskole verwys. Uiteraard het dit die leerlingtal beïnvloed.

Vir onderwyser en leerling was 1948 'n vreemde skooljaar. Benewens die veranderende politiek was daar ook noodgedwonge besluitnemings in die onderwys. Poliomiëlitis of kinderverlamming het só 'n landwye uitwerking op skoolgaande kinders gehad dat skole, in plaas van 6 April dié jaar na die skoolvakansie te open, eers op 27 April kon begin. Nie minder nie as 112 leerlinge uit 459 was op hierdie openingsdag afwesig. Die hoë afwesigheidsyfer kan waarskynlik toegeskryf word aan die ouers se versigtigheid om hulle kinders skool toe te stuur omdat hulle bang was vir aansteek. 'n Soortgelyke situasie is weer in 1955 aangeteken. Toe was die Kersvakansie twee weke langer vir diegene wat gelukkig was om gesond te wees.

'n Ander rariteit wat President Pretorius te beurt geval het en wat met siektes verband hou, was die gelukkie om in die laat veertiger-vroeg vyftigerjare twee W.J. de Wet's aan die stuur te hê, een as hoof en een as vise-hoof. Dit was maar 'n deurmekaarspul om te verduidelik wie is wie as altwee die dag ongesteld was of weens ander verpligtinge afwesig was! Dié verklaring was een van die meer duidelikes: *Mnr. W.J. de Wet, vise-hoof, is vandag weer teenwoordig en mnr. W.J. de Wet, hoof, is afwesig weens siekte.*

Die jaarlikse inspeksierapporte gedurende die hoofskap van De Wet was vir President Pretorius 'n gereelde spieël waarteen hulle hul werksaamhede, aktiwiteite en uiterlike kon waardeer. Alhoewel die inspekteur gedurig die een of ander, geregverdigde, klagte oor die geboue en plek-plek bemodderde skoolgronde gehad het, was hy origens redelik tevrede. In 1950 is die aanwesigheid van 'n biblioteek vir die heel eerste keer in 'n rapport vermeld.

Die uitwerking wat die twee Ekonomiese Kongresse (in 1939 en 1950) op die Afrikaanssprekende se spaarsin gehad het, is ook duidelik sigbaar in die aktiwiteite van President Pretorius-leerlinge. Met genoegdoening word genoem dat die skool in 1950 reeds 236 Unie Leningsertifikate aangekoop het, en dat groot ywer aan die dag gelê word om leerlinge aan te moedig om by die spaarklub aan te sluit.

President Pretorius se kultuuraktiwiteite is van tyd tot tyd besonder geprys. Met 'n talentvolle en ervare egpaar soos die Van der Walts kon dit sekerlik ook nie anders nie. In 1954 is C.P. van der Walt se eggenote Lena van Bruggen (dogter van die bekende skrywer en digter Jochem van Bruggen) bedank vir die skoollied wat sy vir President Pretorius geskryf het. Op sy beurt was Van der Walt verantwoordelik vir die toonsetting daarvan. Die skool kon nou vir die eerste keer spog met 'n geheel eie identiteit en karakter.

Die leerlingtal het teen 1956 op 597 gestaan, en die leerkrag op 18, waarvan sewe tydelik. Drie addisionele klasse in onderskeidelik 'n nabygeleë Gereformeerde kerksaaltjie, die waskamer en die saal moes aanvanklik ingerig word om die stygende leerlingtal te hanteer. Dit is mettertyd vervang met twee moderne klaskamers, wat die totaal op 18 te staan gebring het om die leerlingkrag van 662 in te pas. Aan die vestiging van sportvelde is geleidelik meer aandag gegee. 'n Vroeëre groentetuin het in die slag gebly om plek te maak vir die oprigting van sportvelde. Daarby is die fietsloods wat 58 fietse kon huisves maar waarin gereeld sowat 200 fietse bewaar is, verskuif om te vergroot. Die verbreding van Maurylaan was ook op die Skoolkommissieagenda. Vir die eerste keer was daar ook sprake van die oprigting van 'n goed-toegeruste biblioteek. Die nodige papierwerk is begin om hiérdie ideale te verwesenlik.

Die destydse Skoolkommissie moes maar kopkrap om 'n sinvolle terreinbeplanning vir die skool te help ontwikkel. 'n Internasionaal bekende wat in hiérdie stadium die voorsittersleisels vir vier jaar (1956-1960) in die Skoolkommissie vasgevat het, was ds. C.F. Beyers Naudé. Die ou moedergemeente van Potchefstroom was sy voorlaaste gemeentelike bediening, waarna hy hom as Direkteur van die Christelike Instituut en later as hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke bekwaam het om die Woord na alle kulture en taalgroepe in 'n polities-gespanne Suid-Afrika uit te dra. Vir veral die blanke Suid-Afrikaners was die aankondiging dat Suid-Afrika 'n republiek gaan word, deels 'n ontlaaiing van die interne apartheidspanninge wat geheers het. Al die leerlinge en die personeel van naby 700 siele het saam op 30 Mei 1961, 'n dag voor die historiese Republiekwording van Suid-Afrika, hul eie Republiekfees gevier. Die hoof berig trots: *Met die oog op die republiekwording van ons land het ons eenstemmig fees gevier, in blye vooruitsig wat ons toekoms as Republiek van Suid-Afrika betref.*

Graad 2



Jolandé Adlem, Jaco Bakkerus, Maurice Bekker, Renier Beukes, Armand Botes, Franli Botha, Demarie Brits, Sunet Britz, Marinus Byleveld, Wayne Campher, Matthys Coetzee, Dewaal Coetzee, Monica Cronje, Chris de Bruyn, Amaro de Abreu, Vernon de Goede, Gerhard Dreyer, Naudéne Duvenage, Max Eksteen, Janine Erasmus, Ettioné Ferreira, Wilna Fick, Ezélle Fourie, Neil Fraser, Alec Gass, Kelvan Gilbert, Leandri Henning, Quina Hoffman, Hano Janse van Rensburg, Bianca Kers, Lizelle Keyser, Leandra Knoetze, Ruan Kruger, Anzel Loots, Hannerie Loots, Tenache-Ann Loubser, Irma Lourens, Stiaan Mans, Jurgens Maritz, Anna-Mariéke Mienie, Nadia Muller, Richard Naude, Marthin Oosthuizen, Rudi Oosthuizen, Claudette Otto, Eric Potgieter, Johan Pretorius, Andries Pretorius, Maans Putter, Marlet Reynecke, Chrisandri Rust, Corné Schoeman, Sharlene Snyman, Jadean Stoffels, Bernard Strydom, Veronique Swarts, Jacomie Tredoux, Sean Ueckermann, Caro van Aardt, Annie van Eeden, Luan van Niekerk, Walter van Niekerk, Alida van Rensburg, Bernard van Rooyen, Martenette van Rooyen, Jaco van Tonder, Charmain Venter, Bianca Viljoen, Shane Viljoen, Aneurin Wentzel, Nicky Willemse, Anri Wolhuter en Niel Wyma.

Verdere aanbouings is moontlik gemaak toe die Transvaalse Onderwysdepartement fondse beskikbaar gestel het vir die oprigting van nog klaskamers en 'n skoolsaal wat minstens 600 leerlinge kon neem. In 1961 was dit die nuwe administratiewe blok aangrensend aan die nuwe skoolsaal wat op 31 Maart 1962 ingewy is en vernoem is na die toe langsdienende skoolhoof, Wouter de Wet, wat die opgewondenheid laat hoogloop het. Vir die heel eerste keer was daar nou 'n behoorlike kantoor vir die skoolhoof en sekretaresse en 'n personeelkamer. 'n Historiese ontdekking is ook bekend gestel. Die steen met "W.J.-Jooste-Gift-School" aan die een kant, en aan die agterkant daarvan "North School" (en dit lyk asof Noordskool nie 'n ereplekkie iewers op dié steen gekry het nie) wat op sy beurt weer doodgeverf is met die naam President Pretorius Laerskool, is in 'n gewel van die skool ontdek. Ter herinnering aan die bydrae van W.J. Jooste is die skoolbiblioteek by die bekendstellingsgeleentheid na hom vernoem.

Minder aangenaam was De Wet se afskeid en uittrede in Desember 1962 - 'n tydperk van besondere verandering, vernuwing en groei waarop die nuwe hoof, L.H. Oosthuizen, kon voortbou. In sy termyn as hoof word vir die eerste keer melding gemaak van 'n stylvolle oueraand, ingesluit 'n akademiese praatjie, musiekitems... en verversings natuurlik. Die skool se tuine is ook verder verfraai met nog grasperke en tuine sowel as 'n visdam naby die skoolsaal. Vir 'n geriefliker roetine en gemakliker skakeling, is 'n interkommunikasiestelsel van R800 geïnstalleer. Op sportgebied was dit die oprigting van 'n krieketveld, die aanlê van korfbalbane en die opgradering van die rugbyveld wat sportentoesiaste verbly het. Die leerlingtal was teen 1964 die hoogste wat dit tot toe nog was, naamlik 693. Vir die jonger geslag sal dit dalk interessant wees om kennis te neem dat skoolfonds teen die sestigerjare volgens grade en standerds vasgestel is, en nie volgens die getal kinders per gesin nie. Graad een- en twee-leerlinge moes R1 per jaar skoolfonds betaal, standerd een tot drie R1,50 en standerd vier en vyf R2. 'n Billike bedrag in daardie stadium, maar vir vandag 'n deel van die *goeie ou dae!*

Stabiliteit in 'n polities-emosionele era

In die sestigerjare is baie strenger gehandel met nuwe toelatings tot die skool om te verseker dat President Pretorius se getalle nie buite beheer toeneem nie. Op die lange duur het dit geblyk nie nodig te wees om so drasties op te tree met nuwe toelatings nie. Nuwe dorpsuitbreiding in Potchefstroom met nuwe laerskole, die beperkte skoolruimte sowel as die beperkte roete wat die vrye vervoerskema vanaf 1966 gebied het, het waarskynlik daartoe meegehelp dat Laerskool President Pretorius se leerlingtal gedurende die sestiger- en sewentigerjare tot 500 gedaal het.

Die aankoop van nog erwe in Van Riebeeckstraat (voorheen Bergstraat, wat waarskynlik in 1952 verander het om die 300-jarige koms van Van Riebeeck na die Kaap te herdenk met verbygaan van die Van Riebeeck Poskoets deur hiérdie straat) het in die middel-sestigerjare aandag geniet. Die hoofingang van die skool was toe reeds in Van Riebeeckstraat. In 'n stadium is daar selfs oorweging geskenk aan die ontwikkeling van huise wat in die sestigerjare nog op die skoolterrein voorgekom het, tot koshuise. Dit was waarskynlik nie net die estetiese waarde van die huise waaraan in die proses gedink is nie, maar ook aan die behoud van die bestaande leerlingtal.

'n Insident wat byna meer besorgdheid gewek het as die leerlingsterkte was die dood van Eerste Minister Hendrik Frensch Verwoerd in September 1966. Die Onderwys-departement, onderwysers en ouers se sentiment is onwillekeurig op die kinders oorgeplaas. Benewens 'n spesiale opening in die saal is 'n roudiens gehou en die skool vir 'n gedeelte van 9 September se skooldag gesluit. Die daaropvolgende week se aankondiging wie die land se nuwe Eerste Minister gaan wees, is oor die interkom in al die klasse uitgesaai. Die hoof vermeld: *Al die kinders, selfs die kleintjies, het met aandag geluister.* Dit geld ook vir die geleenthede wat jaarliks vir Republiekdag gereël is.

Ook die handhawing van Afrikaans as taal het in 1967/68, en in die Taalfeesjaar 1975, besonder aandag geniet. Tydens 'n muntlegging op 17 Oktober 1968 is die woord AFRIKAANS op die vierkant uitgespel. Die jaarlikse rapport van die skool en sy onderwysers deur die inspekteur vermeld dan ook op die vooraand van 'n nuwe dekade: *Die hoof en personeel lê baie klem op die opvoedkundige aspek en doen moeite om die mooi dinge uit ons kultuur, en veral ons godsdiens, by die leerlinge in te skerp...* Sosiale funksies het inderdaad jaarliks die klem laat val op 'n kinderonthaal, 'n oueronthaal, 'n kermis en 'n Kersfeesuitvoering. Om dié'mooi' as 'n eenheid te beklemtoon, is onder meer 'n eenvormige kleredag ingestel.

Vir die seuns is in 1965 aanbeveel dat die kleredrag 'n loodgrys gabardien kortbroek, of 'terylene' langbroek in dieselfde kleur moet wees. Die loodgrys kort- of langmouhemp in popelien is aanbeveel. Enkele jare later is die dra van grys safaripakke ook goedgekeur. Kleredrag vir die meisies is eers in 1970 vasgestel. Die drag is verander na 'n A-lyn. 'n Kreukelvrye materiaal, 'crimpelene', is verkies wat vir somer en winter gebruik kon word. Vir die winter is voorgestel dat 'n wit langmoutruitjie met 'n kragie onder die rokkie gedra word, sowel as swart sykouse. Groen en goud epoulette om die skool se kleure aan te dui, is op die moue verkies. Die meisies het in hiérdie stadium ook 'n wynkleurige 'leotard' met 'n rompie as deel van hulle sportuitrusting gedra. Die skooldrag vir die meisies was vir 17 jaar in gebruik voordat daar besluit is dat die gebruik van 'crimpelene' uitgedien is, en 'n ligter wynkleurige katoenrokkie vir die somer aanbeveel is.

Laerskool President Pretorius het, soos in die geval van ander skole, ook die patroon gevolg deur sy eie "ordestrukture" in plek te kry. Prefekte is jaarliks aangewys om seker te help maak dat alle skoolweesdinge seepglad verloop. Teen 1969 moes die Skoolkommissie nog debat voer oor "leerlinghulpwapens" en of prefekte 'n wapen moet dra in hulle jaar van prefekskap. Blykbaar is die wapens voorheen eers ná 'n leerling se jaar van prefekskap, as 'n soort van 'n aandenking, oorhandig.

Akademies beskou was die jaar 1970 vir Laerskool President Pretorius 'n mylpaal. Vakonderwys is bekend gestel wat 'n andersoortige druk op die administrasie en die leerkragte geplaas het, maar verwelkom is. Dit was een van die laaste groot veranderinge voor skoolhoof Oosthuizen se uitdienstrede. Byna saam met Oosthuizen se neerlegging van die hoofskap was die aftrede van onderwyser Coert P. van der Walt. Vir nie minder nie as 35 jaar was hy die hart agter die musiek- en konsertuitvoerings van die skool wat met soveel sukses beleef is. Van der Walt se uittrede in 1971 was gewis vir die skool 'n groot verlies.

'n Era van modernisering

Dit was C.C. Mans wat vanaf 1974 as skoolhoof vir President Pretorius en sy 473 leerlinge opgetree het. Gedurende sy termyn was daar 'n paar akademiese vernuwings, asook heelwat moeite gedoen om die dalende leerlingtal

Het u geweet?


Die eerste vrou wat reeds in 1965 vir die vise-hoofskap benoem is, is mej. J.W.E. du Plessis.

Die eerste vroue wat vir die Skoolkommissie benoem is, was mevv. Oosthuizen en J.E. Rabe (1967).



Die ses Du Plessis-kinders wat almal leerlinge was in die North School, afgeneem in 1910.


Klokgewys van heelvoor in die stoel af is Minnie, Pietie, Connie, Nana, Nellie en Essie.



Die twee oorlewende Du Plessis-susters wat in 1997 nog op Potchefstroom gewoon het: Minnie (Beukman) en Nana. Hulle is die twee jongste kinders van die ses Du Plessis op die foto (bo).

BAIE GELUK!

MET 100ste VERJAARSDAG






FOTO FIRST 1 ONE HOUR LAB

River Walk-sentrum

Tel: (0148) 293-1066

te stabiliseer. Onder meer is ondersteunende dienste soos spesiale klasse ('n vroeëre instelling) en hulpklasse ('n nuwe instelling vir die meer skrander leerling met leerprobleme) in 1974 begin - drie jaar voordat dit amptelik in die Transvaal van ouds deur die Onderwysdepartement bekend gestel is. Vanaf 1977 is leerlinge ook meer vertroud gemaak met Noord-Sotho as voertaal. Vir die arme laatslapers sal dit dalk net interessant wees om kennis te neem dat die skooltye in hierdie stadium verander het van 7:55 in die winter na 7:25. Met die tyd saam is wyslik besluit om die skoolklok tien minute later te lui!

'n Geleentheid wat meer as tevore op 'n georganiseerde wyse vanaf Mans se hoofskap plaasgevind het, is die jaarlikse afskeidsprogram vir die standerd vyfs. Opvallend is ook hoeveel meer geleenthede beplan is om leerlinge met opvoedkundige toere, of op veldskool- en leierskampe, na plekke buite Potchefstroom te neem. 'n Vereniging soos die Voortrekkers het alreeds in hierdie stadium gereeld kampe vir die leerlinge gereël en sportaktiwiteite is op 'n wyer kompetisiebasis beplan. Van die ouers het selfs hul kinders ondersteun in sportsoorte wat nie op 'n georganiseerde basis by die skool aangebied is nie. Die behoeftes van die tyd het oor die jare heen Laerskool President Pretorius se leerlingsterkte en ouergemeenskap sigbaar verander van 'n landbougemeenskap na 'n verstedelikte gemeenskap. Dit was in hoofsaak die dryfveer vir die geleentheid tot organisering van hierdie aktiwiteite. Eweneens het ouers se betrokkenheid in skoolstrukture soos die Skoolkomitee en Ouer-Onderwysersvereniging, sowel as ouers se bereidwilligheid en vermoëndheid, die deurslag gegee. Nog anderdag, in die veertiger-vyftigerjare, was 'n kopseer die vervoer van kinders vanaf plase en afgeleë dele, en sigbare armoede in die voorkoms en hoeveelheid skoolgeboue/lokale. Dit het buitemuurse en opvoedkundige geleenthede wat onderwysers graag wou aanpak, beperk. Teen die sewentigerjare was dit veel anders... Al wat dalk nog nie só anders was nie, was die "ongediertes" of kopluise wat van tyd tot tyd vir 'n epidemie in Potchefstroom gesorg het. Die "manne" wat nie poenskopstyl gedra het nie, was nou net so blootgestel aan die skoolsuster se kritiese oog as die jonge "dames".

Die aansig en binnekant van Laerskool President Pretorius het in die termyn van Mans se hoofskap ook ten goede sigbare tekens van verandering getoon. Hiervan was die grasbeplante atletiekbaan, die aanbou van 'n nuwe skoolingang in Van Riebeeckstraat waarvan die reeds bestaande kliphek deel gevorm het, die aanbou van 'n "lewensnoodsaaklike" snoepwinkel en die oprigting van nuwe lokale sodat die stoor vir 'n verandering as 'n stoor gebruik kan word, deel van die vernuwing.

'n Aangeleentheid wat gedurende 1979 baie aandag geniet het, was die skoolgrense van Laerskole M.L. Fick en Hendrik Potgieter en President Pretorius. Nogeens was dit die leerlingtal, waaroor skole met erns gewaak het, wat van tyd tot tyd dwingende gesprekke met ander skole en met die Departement van Onderwys nodig gemaak het. President Pretorius Laerskool wou verseker dat sy leerlingtal van 531 nie drasties daal nie.

Die innemende P.G.L Grobler was bestem om President Pretorius se twaalfde skoolhoof te wees na Mans se uittrede in 1980. Ook by hom en sy personeel was daar 'n behoefte om in pas te bly met die benutting van meer moderne onderwysbehoeftes en om hoër institusionele standaarde na te streef wat vergelykbaar is met jonger laerskole tot voordeel van die 529 leerlinge. Rigting is gegee aan die begin van 'n fonds, bekend as die PP-Trust. Die Trust, wat verstewig is tydens 'n verskeidenheid van fondsinsamelingsgeleenthede, is aangewend om Laerskool President Pretorius se aansig verder te vernuwe en uit te brei. Behalwe vir die bou van 'n verversingslokaal, is fondse ook gebruik vir matte in die administratiewe blok en om rugbyvelde op die terrein aan te bring wat addisioneel bekom is. Verder is 'n krieketblad uitgelê, ryvlakke geteer en klaskamers opgerig vir onder meer 'n rekenaarlokaal, sowel as vir kuns en musiek.

'n Ander belangrike geskiedkundige gebeurtenis was die vlaghysingsparade in 1982. Met 'n vlagpaal, geskenk deur 'n groepie ouers, kon daar vir die eerste keer in 'n lang tyd 'n behoorlik parade plaasvind. Daar is seker maar gehoop dat Grobler nie dieselfde probleme met die vlagkoord sou hê as wat Le Roux na die Eerste Wêreldoorlog beleef het nie! Van vlammende gemoedere in 'n hoogs plofbare politieke tydsgees het Grobler reeds in die kleine 'n vuurdoop van gehad 'n maand ná sy aanstelling.

Die buitemuurse mededinging van Laerskool President Pretorius teen mense van kleur is nie sonder die gebruiklike teenstand goedgekeur nie. Grobler het hom hierin goed van sy taak gekwyt. Met vandale was dit egter 'n ander saak. President Pretorius het in Januarie 1983 groot skade in die skoolsaal gehad nadat vandale daardeur is. Min van die potplante en duur, in repies gesnyde gordyne kon herwin word.


Na 'n kort maar kragtige termyn was dit vir Grobler tyd om Laerskool President Pretorius vir groener weivelde te verruil. Mnr. F.C. Mountjoy het in November 1984 amptelik die hoofskap aanvaar. Gedurende sy aanvangstermyn het die leerlingtal gegroei tot 560.

Insiggewend is die aspekte waaraan die Skoolkomitee gedurende Mountjoy se hoofskap aandag gegee het, naamlik die vestiging van 'n bewaarsentrum, die opknapping van die bestaande terrein en geboue, die verskuiwing en oprigting van heinings, die aanbring van diefwering en die oprigting van hekke, veral by die hoofingang (dié is op 30 Oktober 1987 ingewy). Skoolbeveiliging was sigbaar 'n hoë prioriteit, so ook die sekuriteit dat die skool se 'grense' met ander skole erken sal word. Uitgerekte besprekings en ooreenkomste het geskied om die nodige respek hiervoor tussen skole te bevestig.

'n Ander interessantheid is dat die fokus in die beplanning van spesiale geleenthede nie meer hoofsaaklik net polities-nasionaal gekoppel was nie. Noue verbondenheid met die gesin en die omgewing was deel van die tydsgees, en daaraan is meegedoen. So byvoorbeeld is lentespele, 'n boomplantdag en soms 'n troeteldierdag as deel van die jaarlikse program beskou. Die vestiging van 'n tak van die nasionale Landsdiensvereniging het hierna gevolg. Die Vereniging is goed ondersteun, terwyl die Voortrekkerbeweging geleidelik 'n daling in lede getoon het. Bes moontlik was die tydsgees en dit wat ouers as polities korrek en/of aanvaarbaar beskou het, weer 'n bepalende faktor in die belewing of oorlewing van instellings. Verder is die gebruiklike kuns- en kultuurkompetisies aangevul met die Bybelvasvrakompetisie en Padveiligheidskompetisie. President Pretorius was in 1985 die Potchefstroomwenners van die Padveiligheidskompetisie en in 1988 die Wes-Transvaalse wenners van die Bybelvasvra. Die Bybelvasvraspan het in 1990 die besondere prestasie bereik deur ook as nasionale wenners van die Junior Rapportryers se kompetisie aangewys te word. Op akademiese terrein was dit die aankoop en installering van rekenaars vir die rekenaarlokaal wat baie tyd en aandag geverg het.

Met die woelinge wat teen die middeltagtigerjare rondom Afrikaans as onderwysvoertaal geheers het, en die onsekere politieke situasie, het die ouers van die Laerskool President Pretorius in 1986 'n tak van die Transvaalse Afrikaanse Oudervereniging gestig.

Adéle Badenhorst, Stefan Buys, Rudi Byleveld, Denise Cafeteiro, Alridge Claassens, Marise Clor, Chantélle Grous, Nellie Daniel, Chris Dippenaar, Martin Dreyer, Tiaan Duvenhage, Robert Haman, Cecilia Janse van Vuuren, Lientjie Jooste, Wiehahn Koch, Stephan Kuhn, Louis Lourens, Maureen Malan, Cobus Marais, Gerdie Mulder, Aliza Naudé, Patrick Nice, Buks Nieuwoudt, Alto Pretorius, Adriaan Prinsloo, Herman Raath, Madelein Richter, Erika Schade-Weskott, Willie Scholtz, Maryke Schoonen, Le-Roy Stewart, Ruann Stroebel, Jacques Swanepoel, Theuns Swart, Flippie Terblanche, J.P. van Aswegen, Jannie van der Merwe, Maryna van der Merwe, Sumari van der Merwe, Christo van der Walt, Marié van Eeden, Petro van Rensburg, Carla van Rooyen, Sanja-Rika van Rooyen, Anri van Wyk, Christo van Zyl, Roelien van Zyl, Elizma Vlok, Adrohet Vorster, Wilmie Vosloo, Jana Wessels en Chricelle Wolvaard.



Graad 3

Die vernaamste doel was egter om alle ouers as vennote in die opvoeding van die jeug nader te trek deur kind en ouer toe te lig wat in en om die skool gedoen word. As uitvloeisel hiervan is die mondstuk "Daeraad" vir 'n paar jaar uitgegee voordat hierdie inisiatief spontaan verflou het. Van die Skool se kant is besondere moeite gedoen om ouers op 'n gereelde grondslag te betrek. Hiervan getuig die jaarlikse graad een kenmekaar-geleenthede, die prysuitdeling en oueraande.

In 1987 het President Pretorius amptelik die Laerskool se 90e verjaarsdag gevier (nie-amptelik die 96ste verjaarsdag), met 584 leerlinge en 25 onderwysers op die register. Verdere groei is met ingang van die negentigerjare ervaar. Teen Augustus 1992, toe President Pretorius as 'n Model C-skool bepaal is, was daar 731 leerlinge in die skool. Die skool was van nou af hoofsaaklik afhanklik van sy skoolfondsinkomste vir die instandhouding van die skool. Verandering het nie die gees vir vooruitgang en ontwikkeling gedemp nie. Benewens die ingebruikneming van die nuwe netbalbane in 1992, was daar ook nog entoesiasme vir die oprigting van 'n grasdaklapa, 'n sporthuis en 'n ontvangslokaal.

Amptelik op pad na 100 jaar

Skaars 'n jaar na die lank-gekoesterde eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, het Laerskool President Pretorius die behoefte aan 'n nuwe skoollied ondersoek om daardeur erkenning te gee aan die groter kultuurdiverse gemeenskap wat bedien is. Op hierdie hoogtepunt het mnr. Mountjoy sy hoofskap in Januarie 1997 oorgedra aan mnr. E. Hare, wat nog tydens President Pretorius se amptelike 100-jarige herdenking, en bekendstelling van die nuwe skoollied (geskryf deur professor Rassie Smit en getoonset deur Alna Smit), as waarnemende hoof opgetree het.

Woelinge op onderwysgebied met die nuwe onderwysbedeling wat, benewens die verandering na Uitkomsgebaseerde Onderwys, ook opnuut sentralisasie van skole en rasionalisasie van onderwysers voorstel om aan minder gegoede gemeenskappe skoolruimtes beskikbaar te stel, het op 27 Julie 1997 daartoe gelei dat die Mooibankskool moes sluit. Die meeste leerlinge is na President Pretorius oorgeplaas. Vir dié skool, met 710 leerlinge op die register, was dit 'n welkome "geskenk" met die viering van sy 100e verjaarsdag.



Trompie Kitsgras

Landskap- en besproeiings- kontrakteurs

- **Kweek kikoejoekitsgras**
- **Ontwikkel pad- en konstruksie-terreine, ontspanningsoorde, sportvelde, winkelkomplekse, kantoor- en huistuine.**

Faks: (0148) 292-1764 **Tel: (0148) 292-1628**
082-554-0505 óf
082-558-4295

Posbus 5240
KOCKSPARK
2523

Select
Bult Garage

Ons is oop 24-uur per dag, sewe dae van die week vir koeldrank, skyfies, sigarette, lekkergoed, kruideniersware, asook vars gebakte brood en broodrolletjies

Probeer ook gerus ons braaihoender en kitsetes!

Jy sal ons vind op die hoek van Tom- en Von Wiellighstraat op die Bult
Tel: (0148) 293-0155

X-amen flaters

Die kleinste vissie is 'n radysie

'n Meerkat is 'n reptiel

Oudtydse musiekinstrumente: Ktar, trorrol

Daniël Bezuidenhout = Danie Besuipnout

'n Vloeistof is iets sonder stewigheid

In Spanje woon Spaanders

Om 'n voorwerp te magnetiseer: Neem 'n spyker, smeer hom met 'n magneet op die pole totdat die spyker gehipnotiseer is.

I live with my mother because my parents are disconnected

As 'n mens nie suurstof kry nie, verlep jy.

Fotovatter (Fotograaf)

Afkorting s.nw. is snelweg

Afkorting LV is Lugvervoer

SPELFOUTE

Lekkerwaan (likkewaan)

Pla-kaart (plakkaat)

Tel 'n skoop (teleskoop)

Ka-rukkie (karretjie)

ONDERWYSERFLATERS

Tydens die inskrywing van die nuwe graad een leerlinge (1997) vra 'n onderwyseres baie entoesiasties vir 'n pa of sy dogter vir wie hy kom inskryf al geïnsemineer is? (i.p.v. geïmmuniseer).

Voorvalle uit strafregister (1958 tot 1984)

deur Willie Louw

'N speld in 'n laerskoolkind se hand is 'n resep vir moeilikheid, veral in die jare toe fietse nog lug-binnebande gehad het. Vrugte pluk, sangklasse ontduik en vroeg wegloop op die dag wanneer die skool sluit is nie nuwe oortredings onder President Pretorius se leerlinge nie. In die hoof se strafboek is tussen 1958 en 1984 noukeurig aangeteken watter oortredings gestraf is. Ook wat die kind se ouderdom is, wie die slagoffer(s) was en soms ook watter regstellende maatreëls getref is om die oortreder te rehabiliteer. Soos dit in 'n opvoedkundige instelling hoort, was "pligsversuim om werk te doen" en die "verwaarlosing van pligte" die grootste enkele oorsaak vir straf. Ander terreine waarvoor straf dikwels uitgedeel is, was om die nodige respek vir boeke en skrifte te verseker, vir baklei en aanhitsing tot bakleiery, ongehoorsaamheid en swak gedrag op die skoolbus. Fietse en 'n lollery met ander leerlinge se fietse het ook vir baie voorvalle gesorg.

In Augustus 1959 kry Petrus (11), Jacobus (12) en Philippus (12) twee houe elk omdat hulle met ander kinders se fietse gery het. Net 'n jaar later veroorsaak Pieter (8) en Willem (8) groot ontwrigting deur ander kinders se fietswiele af te blaas. Die hoof het ernstig met die leerlinge gepraat, en toe George (12) en André (11) dieselfde oortreding begaan was hulle straf drie houe elk.

Dieselfde oortreding is dikwels deur verskillende leerlinge herhaal en 'n oortreder het ondanks die gevare van uitgevang word, dikwels aan dieselfde versoeking toegegee. Soos die twaalfjarige Petrus wat in April 1960 stokkies gedraai en vroeg huis toe gegaan het. Tuis was sy verduideliking dat die hoof hom huis toe gestuur het. Ouers was egter troue bondgenote van die skool se onderwysers, en die arme stokkiesdraaier moes twee keer binne enkele maande in die hoof se kantoor buk.

Op 31 Julie 1962 het Leendert die winterkoue nog verder ingevryf toe hy kinders in die kleedkamers natgegooi het. Hy is met drie houe warm gemaak. Net tien dae later is Leendert deur Chris en Andrew toegetakel, en hulle moes self buk vir drie.

Kort ná die skool in 1963 geopen het, spreek die hoof se radeloosheid met 'n sekere leerling duidelik. Willem kry twee houe vir "versuim om sy rekene-huiswerk" te doen, en die hoof skryf in die strafboek: "reeds só vroeg".

Twee leerlinge wat gedink het hulle oortreding is nooit opgemerk nie, het na drie maande in die hoof se kantoor beland. Louis en Frederik het voor sluiting verdwyn op 5 April 1963. Eers in Julie daardie jaar word daar met hulle afgereken: twee houe elk. In Junie 1973 moes Etienne (8) ook die duur les leer van te vroeg loop. Hy het dertig minute voor die skool gesluit het huis toe gegaan.

As 'n briefie van die skool aan die ouers dalk 'n boodskap bevat wat die leerling baie benoud maak, kan daar altyd 'n plan met die briefie gemaak word. Of so het Hendrik en Fritz in Desember 1963 gedink. Hulle briefies het nooit by hulle ouers uitgekom nie, en uiteindelik moes hulle met twee houe die belangrikheid van briefies leer ken.

'n Paar honderd kinders in die saal en 'n enkele speld voorspel moeilikheid. Nico en Frans het op 20 Mei 1964 seker vir 'n rukkie lank baie binnepret gehad toe hulle kinders onder gebed gesteek het. Dié ontwrigting het met twee houe elk in die hoof se kantoor einde gekry. Meer as 'n dekade later — in 1975 — word Andrew en Ernst gestraf vir "kwaaddoen in die saal". Daar is nie aangeteken of 'n speld wéér iets met die saak te doen gehad het nie.

Die verontagsaming van reëls op die speelterrein kan 'n kind duur te staan kom. Dalk was daar in 1965 baie goeie rede hoekom seuns en meisies apart moes wees. Rudolf het hom tussen die meisies bevind toe hy op 29 Junie 1965 betrap is, en hy moes buk vir twee. In Februarie van dieselfde jaar is Christian met twee houe gestraf omdat hy fiets gery het op die skoolgrond, wat ook verbode was.

Om jou "resitasie" te ken was net so belangrik soos om jou onderwyser te respekteer. Vyf leerlinge — Rudolf, Johan, Jan, Jean en Leon — het hulle die gramskap van die onderwyser op die hals gehaal oor hulle nie hulle resitasies op 13 Augustus 1965 geken het nie. Twee houe elk.

In 'n desperate poging om van die aardbol af te verdwyn, kruip twee kleintjies op 16 Augustus 1966 in die waskamer weg. Vir 'n uur lank het die sewejarige Adolf en agtjarige Willem dit reggekry, maar die hoof het hulle teruggebring aarde toe. In 1971 is Hansie (11), Gawie (12) en Clifford (12) vir 'n soortgelyke wegkruipery gestraf.

Skoolkinders wat oortree het, kon óf by die huis óf by die skool moeilikheid verwag. 'n Verontregte mevrou het by die skool gaan kla oor die elfjarige Philip in Februarie 1969 haar vrugte gepluk het, en hy is met twee houe gestraf vir "opsetlike ongehoorsaamheid".

Die hoof se simpatie met 'n rugbyspeler wat oortree het kon ook in die strafboek afgelei word. Dirk moes op 23 Februarie 1970 gestraf word vir "pligsversuim" omdat hy sekere take nie uitgevoer het nie. Dié take word nie in die strafboek genoem nie. Tussen hakies het die hoof in die strafboek aangeteken "heelagter!". Het Dirk se oortreding met rugby te doen gehad, of was die meneer maar net beïndruk met Dirk as heelagter?

Albasters en tolle het bygedra tot menige skermutselings op die skoolterrein. Een slagoffer daarvan was John (12) wat in Mei 1973 gestraf is omdat "hy 'n seun moedswillig met sy top gegooi het".

Die gevoelloosheid wat sommige seuns vir die sangklas het, was nog altyd 'n steen des aanstoots vir die sang-onderwyser. In September 1963 kry André (10) twee houe vir "moedswilligheid" in die sangklas. Jan, Willem en Fanie moes in November 1965 ook na die hoof toe stap vir "swak gedrag" in die sangklas, en in 1974 het Pieter, Ernst en "J" voor die hoof verskyn omdat hulle sonder toestemming uit die sangklas

GRAAD 4



weggebly het. Hulle was boonop standerd vyfs wat die voorbeeld moes stel! Die drie se gebrek aan musikale belangstelling het hulle een hou elk laat voel.

So seker as wat jy jou by die skool volgens reëls sal gedra, sou jy dit buite doen ... selfs by die tandarts! Twee leerlinge van standerd 5 A word in 1974 gestraf weens hulle swak gedrag by die tandarts. Barend en ene "R" was dalk banger vir die tandarts as vir die hoof, maar uiteindelik moes die hoof hulle met twee houe elk tug. In 1977 kom 'n soortgelyke voorval voor. 'n Graad eenleerling en 'n graad tweetjie met dieselfde van, Johannes en Jakobus, beland by die hoof oor hulle swak gedrag by die tandarts. Was dit dalk 'n onkeerbare vrees wat van dié leerlinge beheer geneem het, of 'n streng tandarts-assistent?

Meisies se name en ootredings in die strafboek is 'n rare verskynsel — dalk omdat 'n ander soort straf gegee is wat nie aangeteken is nie. In 1977 beland Naomi en Chrisna in die hoof se kantoor omdat hulle kaart gespeel het tydens 'n rekeneles. Dié twee standerd drie's is gewaarsku.

Dalk het die hoenders hulle uitgelok, maar uiteindelik het drie leerlinge in standerd twee geleer om ander mense se hoenders uit te los. Dié drie is op 29 Maart 1979 met een hou elk gestraf omdat hulle "hoenders binne in 'n ander persoon se erf gegooi" het.

In 1982 kry die hoof te doen met 'n leerling wie se skoolweek net uit drie dae bestaan het. Dié standerd vyfseun het minstens vier langnaweke geskep voor die hoof hom geleer het dat Vrydae en Maandae ook skooldae is.


President - Pretorius - Skoollied

Die ou skoollied in die oorspronklike handskrifte van Lena van der Walt (née van Bruggen) en mnr. C.P. (Coert) van der Walt, skeppers van dié lied.

NAME VAN DIE GRAAD 4-LEERLINGE

Danielle Badenhorst, Harmen Bakkerus, Divan Barkhuizen, Nico Barkhuizen, Wessel Barkhuizen, Marcell Bekker, Liza Benson, Johan Beukes, Nadia Beukes, Jonathan Botes, Rudie Botes, Micheal Bothma, Michelle Britz, Antony Brummelkamp, Jaco Coetzee, Suné Crafford, Nico Cronje, Donovan Danster, Tanya de Kock, Chantel de Lange, Janine Delport, Lee-Anne Dreyer, Alfred Ellis, Esmerie Fraser, Dirkie Freudiger, Janine Fürstenburg, Connie Gouws, Pieter-Louw Grimbeek, Annuska Grobler, Ruwan Haigh, Jan Hattingh, Neil Hendricks, Warren Hoffman, Johan Janse van Rensburg, Tarryn Janse van Rensburg, Carrenton Jansen, Louis Jansen, Lizette Jansen van Rensburg, Teshwill Jonathan, Jean-Marié Keyser, Johan Kleynhans, Carla Koekemoer, Luna Kolbé, Lizanda Krüger, Idonette le Grange, Jana le Roux, Chris Lourens, Chrizet Lourens, Jacques Louw, J.G. Marais, Pulane Matsepe, Romano Meintjies, Jan Mienie, Almari Nel, Maryna Nice, Marike Oussoren, André Pienaar, Chris Pienaar, Mickey Potgieter, Adel Pretorius, Juan Pretorius, Ockert Pretorius, Ylene Pretorius, Monica Prinsloo, Brandewishia Sakoor, Marie Schade-Weskott, Davina Schoeman, Dawie Schoonwinkel, Simonie Schutte, Ashton Smith, Hannes Smith, Roan Stewart, Elaine Swart, Roderick Swarts, Vernice Swarts, Riaan van der Merwe, W.K. van der Merwe, Jana van Heerden, Monique van Heerden, Abie van Oort, Marike van Oort, Rouxan van Straaten, Bianca van Zyl, Debbie Vermaak, Madelyn Viljoen, Robren White, Charlotte Willemse, Ignatius Williams, Paul Williams en Marché Zeelie.

Hartlik geluk aan President Pretorius met die herdenking van jul 100-jarige bestaan!


TOYOTA

KYALAMI TOYOTA

Lombardstraat 7
POTCHEFSTROOM
2531

Tel: (0148) 297-3921

Alles loop reg, altyd reg - TOYOTA



Kol. Izak Meyer, voorsitter van die Skoolraad toe Noordskool die President Pretorius Skool geword het. Hy is die kleinseun van president M.W. Pretorius, na wie die Laerskool President Pretorius vernoem is.

CLAASSEN

Mans - Sport - en Skole

H/v Lombard en Greylingstraat
POTCHEFSTROOM
2531

1712

(0148) 297-3856/7

(0148) 294-6876

Baie geluk met die 100-jarige bestaan, waarvan ons 34-jaar u leweransier is

PP ook puik in sport

deur Gert van Rooyen

"The annual school sports took place in the playground yesterday. There was a great crowd of children and parents. By the end of the day both teachers and children were tired. A very happy afternoon in ideal weather".

Dié inskrywing van 19 Oktober 1921 in die verslagboek van die North School (soos Laerskool President Pretorius daardie jare geheet het) adem steeds die pragtige gees wat daar tot vandag toe in Laerskool President Pretorius se sportbedrywighede bestaan - deelname van sowel die kind as onderwyser, asook dié van die ouers.

PP-leerlinge en -spanne het hulself die afgelope eeu deeglik laat geld op die sportveld en verskeie het hul name verewig op provinsiale en nasionale vlak. Daar was Daan du Plessis (Springbokstut van die sewentigs), Willem Roos, Esté Steenkamp, Martie Malan en Felicia Hattingh, wat almal Springbokkleure vir gimnastiek verwerf het. Theo Preller verwerf in 1992 nasionale kleure in onderwaterhokkie en Barbara Preller is in 1995 kaptein van die junior onderwaterhokkie Springbokspan. Heleen Schoch, junior Springbok in muurbal asook speler in die senior SA Distrikte-span en Eduard Schoch wat ook as muurbalspeler aan die SA Distriktetoernooi deelgeneem het, is oud-leerlinge van PP. Filly van Heerden is 'n Springbok-fietsryer. Nog 'n PP-Springbok is in Atletiek opgelewer. John Somers was in 1956 in standerd vyf en het later Springbokkleure in hoogspring verwerf.

Benewens dié oud-PP's was daar ook leerlinge wat PP se naam oor dekades hoog gehou het op die land se sportvelde. Daar was talle leerlinge wat individueel uitgetroon het bo die res, maar weens onvolledige rekordhouding word net enkele name genoem.

Aan die begin van die skool se bestaan het skoliere net aan rugby (of voetbal, soos dit daardie jare bekend was), korfbal en atletiek deelgeneem. Later het sportsoorte soos netbal, landloop, krieket, tennis en gimnastiek puik prestasie opgelewer. In die na-oorlogse jare het die skool selfs bofbal (vir seuns) en sagtebal (vir meisies) aangebied - die kinders het dit sommer "rounders" genoem en gewapen met 'n piksteel, tennisbal en vier stokke vir bowwe sou hulle die Amerikaners 'n ding of twee op die bofbalveld gewys het! Dié sportsoorte het egter later doodgeloop.

NETBAL

"PP is beste netbalskool in Transvaal" basuin die plaaslike koerant dit uit nadat die skool se o.12A-netbalspan op 30 Junie 1987 die Transvaalse liga in Boksburg gewen het. Die skool is ook as die beste netbalspelende skool in die provinsie aangewys. En dit is waarvoor PP ook bekend was en steeds is - as een van dié netbalskole.

Reeds van die dae toe die skool net korfbal gespeel het, het die PP-spanne gereeld bekendheid verwerf op plaaslike en provinsiale vlak. Die skool het feitlik elke jaar 'n span gehad wat 'n Wes-Transvaalse titel agter hul naam kon skryf.

Die goue netbaljare was egter 1987, 1988 en 1994, toe PP-spanne feitlik skoonskip gemaak het op provinsiale vlak. In 1987 is die o.12A span soos hierbo aangedui as Transvaalkampioene gekroon, en 'n jaar later wen vier spanne (o.10A, o.10B. o.11A en o.13A) hul Wes-Transvaalse ligas.

In 1989 is die o.11- en o.12-spanne die provinsiale kampioene en in 1990 die o.11B en o.12A. In Junie 1991 herhaal die o.9A-span die prestasie van 1987 se o.12's deur as die beste span in die hele Transvaal aangewys te word. Die o.9-span was in 1993 Transvaal se kampioene.

In 1994 doen die o.12A's dit weer toe hulle as die Transvaalkampioene aangewys word. In dieselfde jaar wen die o.12B, o.11B en die o.10A en o.10B-spanne ook die Wes-Transvaalliga. Die o.10A's was boonop naaswenners in Transvaal. In 1995 was dit die o.13's se beurt om as Transvaalse kampioene gekroon te word.

Netbal het hom reeds van die begin af bewys as 'n sportsoort waarop PP met reg trots kan wees en dit is steeds een van die vertoonvensters van die skool.

RUGBY

Hoewel die groot hoogtes van netbal miskien nie behaal is nie, het PP se rugbyspanne ook met die jare 'n hele paar uitstekende prestasies op PP se sportkalender beleef.


In die vroegste tye is rugby hoofsaaklik op vriendskaplike vlak gespeel, maar later het die skool aan skoleligas begin deelneem. Die eerste groot hoogtepunt in PP se rugbyannale was op 29 Junie 1964, toe die skool se eerste span die Wes-Transvaalse liga verower het. Die sport het veral in die sewentigerjare begin bloei met 'n hele paar spanne wat in daardie jare die Potchefstroom-sirkel gewen het.

Deur die jare is talle rugbyspanne as wenners van die Potchefstroomliga aangewys en het verskeie ook die topspan in Wes-Transvaal geword. 'n Hele paar oud-PP's het ook Wes-Transvaalkleure in die sport verwerf. Uit hierdie uitblinkers is verskeie PP-leerlinge vir die jaarlikse Laerskole Cravenweekspan gekies waar hulle die skool en provinsie met groot onderskeiding verteenwoordig het.

Die oudleerling wat die hoogste sport in rugby bereik het, was Daan du Plessis, Springbokstut wat in die sewentigerjare twee toetse vir die Springbokke gespeel het. Daan, of Danie soos hy op PP bekend was, was in die laat-vyftigerjare 'n leerling aan die skool.

In PP se Eeufeesjaar het veral die o.10A's uitgeblink. Hulle wen die Potchefstroomliga en vorder tot die Wes-Transvaalse semi-finaal.

GRAAD 5



ATLETIEK

Weens die skool se kleiner getalle oor die dekades was President Pretorius op atletiekgebied nie naastenby die reus wat hy op die rugby- en netbalvelde was nie. Daar was egter 'n hele paar uitsonderlike prestasies op die atletiekbaan wat van dié sporthoogtepunte van alle tye is.

Die twee grootste hoogtepunte was in 1956 en 1959 toe PP die Interlaer gewen het. By ander tye is die skool net-net om die eerste plek geklop, met uitstekende individuele prestasies.

Huissport is feitlik elke jaar sedert die ontstaan van die skool gehou en die uniekheid daarvan was dat elke kind die geleentheid gekry het om aan hierdie jaarlikse atletiekdag te kon deelneem. 'n Interessante nuusbrokkie rondom huissport is in 1920 aangeteken toe 'n leerling, Chris Bosman, daardie jaar as die Victor Ludorum gekroon is. Hy het die 100 treë, 440 treë, die myl en hoogspring gewen!

Die huissport het ook deur die jare verskillende vorme aangeneem. Eers is die leerlinge in die skool in kleurspanne verdeel, toe in bokspanne (steenbokke, duikers en ribbokke), toe weer in kleure (geel en groen), en die afgelope dekade of wat in drie kleure - groen, geel en rooi. Daar is ook geëksperimenteer met huissport in November, maar dit het baie min aftrek gekry en is later gestaak.

Soos by rugby en netbal, was daar ook verskeie individuele presteerders in atletiek. Baie leerlinge het in die verlede Wes-Transvaalkleure verwerf en sommiges het selfs junior Springbokke geword.

LANDLOOP

Die gewildheid van "winteratletiek", landloop, het sedert die laat- sewentigerjare geweldig toegeneem onder die leerlinge en in die tagtigerjare gedy tot een van die gewildste sportsoorte. Reeds in 1982 het vier atlete die Wes-Transvaalspan gehaal en 'n jaar later het nie minder nie as nege PP-landlopers provinsiale kleure verwerf.

Sewe atlete is in Junie 1996 vir die Noordwes-span verkies, en in 1997 het verskeie atlete reeds hul plek in die Noordwesspan bespreek.

HOKKIE

'n Behoefte vir laerskoolhokkie in Potchefstroom is aan die begin van die negentigerjare geïdentifiseer en President Pretorius het in 1994 sy eerste minihokkie aangebied. Soos met baie ander sportsoorte is in die begin net vriendskaplike wedstryde gespeel, maar 'n jaar later het die skole teen mekaar begin speel. In 1996 het PP ook op provinsiale vlak deelgeneem.

Die skool het ook in minihokkie sy individuele presteerders gehad en twee PP-spelers is in 1996 vir die Wes-Transvaalse span verkies. In 1997 is drie spelers vir die Noordwesspan verkies.

GIMNASTIEK

'n Sportsoort wat nie by die skool aangebied is nie maar waarin 'n paar leerlinge in die verlede puik prestasies gelewer het, was gimnastiek. Die name wat veral hier opval is dié van Esté Steenkamp, Martie Malan, Willem Roos en Felicia Hattingh. Esté het reeds in 1979 die oog gevang toe sy as 'n st. 3-leerling junior Springbokkleure in tuimel verwerf het. Sy het twee jaar later Springbok geword

Martie Malan, wat ook 'n uitstaande atleet was, het in 1982 haar Springbokkleure verwerf toe sy ingesluit is in die SA-span na Japan.

Willem Roos en Felicia Hattingh, wat in die sewentigerjare op PP was, het ook later nasionale kleure in dié sport verwerf.

KRIEKET

Toe krieket by die skool begin is, is slegs vriendskaplike wedstryde gespeel, en PP het eers heelwat later aan die Potchefstroomliga deelgeneem.

TENNIS

PP het in die verlede al by verskeie geleenthede die Potchefstroom-laerskoletennisliga gewen. In 1990 het die st. 3A-en B-seunspanne die Wes-Transvaalse liga gewen en weer in 1992. In dieselfde jaar wen die st. 5A- en B gemengde spanne hul ligas. Die st. 3-spanne het weer in 1992 hul onderskeie ligas en die tweede meisiespan hul liga gewen. In 1995 wen die junior A- meisiespan die Potchefstroomse en Wes-Transvaalse liga.


PP = PUIK PRESTASIES

Weens die voortdurende verbetering van die skool se sportgeriewe en groter deelname wat saam met die toename in die leerlingtal ervaar is, het sport 'n al groter rol gespeel in PP se totale program. Professionele afrigting word sover moontlik in al die sportsoorte gebruik om leerlinge se sportdeelname 'n goeie grondslag te gee en om PP-sport hoogs kompeterend te maak.

Die dae van massadeelname, moeë leerlinge, onderwysers en toeskouers word steeds beleef. Daar is egter ook die ekstase van strawwe kompetisie en oorwinning. PP-sport is kerngesond en dra direk by tot 'n gesonde gees in die skool.

NAME VAN DIE GRAAD 5-LEERLINGE

Jandri Badenhorst, Beula Barnard, Lionel Benadé, Morné Bezuidenhout, Barend Botes, Christiaan Botes, Liesl Botes, Nicole Botha, Stephan Botha, Mark Bothma, Netanja Brink, Conrad Bruwer, Nantie Brouwer, Kristel Carstens, Jean-Pierre Claasen, Jaco Coetzee, Adel-Mari Combrinck, Meyer Conradie, Marlizé Crous, Jean-Mari de Beer, Izanu de Villiers, Samatha Dippenaar, Timothy du Preez, David Ellis, Franscois Erasmus, Liezl Frauendorf, Richard Harman, Jorain Hattingh, Gert Hefer, Janneke Heydenrych, Nadiné Holtzhausen, Shani Janse van Rensburg, Deon Jantjies, Hendrika Jantjies, Peet Jonker, Cornelia Jooste, Johan Joubert, Duncan Kleynhans, Ilse Kok, Anezel Kruger, Elisabet Larney, Abri le Roux, Derrik Lourens, Lourika Lourens, Pieter Louw, Hester Maritz, Pieter Matthysen, Jacobus Mitton, Guila Muller, Dewald Murray, Adriaan Nel, Zandré Pieters, Mariska Potgieter, Dicky Putter, Nadia Roodt, Herman Roux, Helen Sandham, Nerissa Scholtz, Johan Schoonen, Henk Schutte, Charl Skinner, Lee-Ann Smit, Sheridan Stoffels, Chantelle Strydom, Jonel Swart, Manda-Marié Swart, Maryna Taljaard, Agnesia Terblanche, Wouter Terblanche, Andrie van der Merwe, Elsele van der Merwe, Madelyn van der Merwe, Marlie van der Merwe, Nicoliene van der Walt, Bianca van Deventer, Susa van Dyk, Jean-Pierre van Emmenis, Shirley van Heerden, Sonette van Niekerk, Clarissa van Tonder, Lindy van Tonder, Surika Volschenk, Benice Wentzel en Marike Williams.



VARS-VLEISMARK POTCH BK

Potgieterstraat 17
POTCHEFSTROOM
2531

Biltong en droëwors altyd beskikbaar

Kom probeer gerus die lekkerste braaiboerewors in die stad!

(0148) 294-6485

(0148) 294-6211

Skoolkommissies

(later Skoolkomitee; Bestuursliggaam; Beheerliggaam)

JAAR	VOORSITTER
1891	Ds. M.L. Fick
1920's	Prof. F. Postma [tot 40's]
1954-1955	Ds. H.R. Barrish
1955-1956	Ds. H.F. Prinsloo
1956-1960	Ds. C.F. Beyers Naudé
1960-1967	Ds. P.W. Buys
1967-1970	Ds. H.P. Burger
1971-1973	Ds. F.J. Labuschagne
1974-1976	Ds. W.C. Oosthuizen
1977-1979	Mnr. W. Voordewind
1980-1983	Dr. G. Oberholzer
1983-1984	Ds. J.J. Wessels
1984-1985	Mnr. J.H. Preller
1986-1987	Dr. C.F.C. Coetzee
1987-1988	Dr. R.P.B. Erasmus
1989-1997	Dr. A. Haasbroek
1997-	Mnr. D.J. Botes

deur Tom Larney

KULTUUR: bouwerk oor die jare

Reeds sedert die laat-twintigerjare is daar getuienis van kunskulturele bedrywighede aan die Laerskool President Pretorius (en sy voorgangers). Die leerlinge se deelname het dikwels gelei tot bekronings op plaaslike en nasionale vlak en soms is van die geleenthede benut om die skool se fondse aan te vul. Die primêre doel was (en is) egter om die opvoeding en leefwêreld van opeenvolgende geslagte leerlinge te verryk.

Die opregte en doelgerigte pogings van betrokkenes soos hoofde, onderwysers en ouers was 'n steunpilaar in die kunskulturele aktiwiteite. Ongelukkig was die rekordhouding daarvan in die skool se joernale nie altyd konsekwent en volledig nie, en in die afgelope twee dekades ondergeskik aan sportbedrywighede. Baie van die gemelde bedrywighede se aktiwiteit en sukses was dikwels gekoppel aan die ywer van individue, wat die sporadiese opbloei daarvan verklaar.

Kunswedstryde

Dis opmerklik dat die periodieke kunswedstryde in Potchefstroom (in die jongste tyd al om die ander jaar) altyd goed ondersteun is van PP se kant af. Die eerste joernaalvermelding daarvan is in Augustus 1926. In Maart 1929 oorhandig die Direkteur van Onderwys die skoolraadskild vir die beste prestasie reeds vir die tweede keer aan die skool. Tien jaar later, in 1939, neem heelwat leerlinge aan die kunswedstryd in Johannesburg deel, en veral vanaf die sestigerjare word daar telkens pragtige prestasies deur die leerlinge gelewer, wat dan ook uitloop op bekronings met 'n groot aantal medaljes en sertifikate. By meer as een geleentheid oor die jare word aan leerlinge die geleentheid gebied om by die skool op te tree in 'n konsert van kunswedstryditems.

Skoolkonserte

Meer as in die onlangse verlede was skoolkonserte vroeër 'n gereelde en gewilde item op die jaarlikse kalender, veral ook met die oog op fondsinsameling.
'n Geslaagde musiekkonsert op 17 Mei 1927 word reeds die volgende jaar opgevolg met 'n "welgeslaagde skoolkonsert". By die skoolkonsert van Desember 1948 word 'n bedrag van £67-12-11 geïn. In daardie jare is die skoolkonserte deurgaans in die stadsaal gehou, omdat die skool nie self oor 'n doelmatige saal beskik het nie. Dis eers van 1962 af, met die ingebruikneming van die huidige saal, dat aktiwiteite oorwegend by die skool self plaasvind.

Operettes

Soos by ander skole was die veertiger- tot sewentigerjare ook by PP by uitstek die era van die operette. Die eerste waarvan melding gemaak word, is *Sarie Marais*, van Desember 1946, en *Die Goue Hart*, wat op 9 November 1962 opgevoer word. Dit word in November 1964 opgevolg deur *Die Verrassingsparty* (vir kleiner kinders) en *Manewales by Mooidrif*. In 1967 word 'n sangspeletjie *Ou Tante Viljoen* en die operette *Lodilla* opgevoer. (Eersgenoemde is geskryf deur mej. Nettie du Plessis wat jare lank onderwyseres en later ook visehoof was, en laasgenoemde deur Anna Rudolph, 'n oudleerling.) *Gelukkige Asjas* kom in 1970 aan die beurt en *Madeleine* in 1973, terwyl *Vrolike Feesdae* die hoogtepunt uitmaak van die skool se tagtigjarige feesviering in 1977. In die Eeufeesjaar (1997) is 'n musiekblyspel, *Loki die Deugniet*, opgevoer.

Kore

Laerskool President Pretorius se soms roemryke koorgeskiedenis begin op 31 Maart 1939, toe twee kore in Johannesburg aan 'n kompetisie deelneem. Die onder 16's slaag daarin om 'n eerste plek te verower: 'n goue medalje en £5 kontant. Later in dieselfde jaar doen die kore weer baie goed in 'n Johannesburgse kompetisie. In daardie tyd, en vir meer as dertig jaar daarna, het die skool se kore hoofsaaklik onder die leiding gestaan van die bekende mnr. Coert van der Walt wat tot 1970, behalwe vir klein tussenposes, onderwyser aan die skool was en wat in 1954 saam met sy vrou ook verantwoordelik was vir die eerste skoollied.

Mnr. Van der Walt se kore verower ook in 1967 die hoogste louere by die Potchefstroomse kunswedstryd. Daarna is dit veral in die tagtiger- en negentigerjare wat die skool weer besondere rede het om trots te wees op die prestasies van sy skoolkoor, onder meer onder die bekwame leiding van mev. Maryna van Wyk. Herhaaldelik verwerf sowel die senior as junior koor toekennings in koorkompetisies plaaslik en elders en word uitgenooi om by kerke en kultuurfeeste op te tree.

Volkspele

Volkspele is een van die aktiwiteite wat sporadies voorkom. Die eerste vermelding daarvan in die skooljoernaal is in 'n inspeksierapport van November 1963. Gedurende die middel-tagtigerjare vind daar weer 'n opbloei van hierdie aktiwiteit plaas. In Mei 1985 word Sarita Cloete gekies om by 'n volkspeleweek in Pretoria op te tree, en in Februarie 1986 word die Sonneblom Junior Volkspelelaer by PP gestig. Later in dié jaar word 'n geslaagde volkspelekursus by die skool aangebied. In 1993 verwerf die skool se volkspelegroep nasionale roem toe hulle die afdeling vir volksdanse tydens die Roodepoort Eisteddfod wen.

Voortrekkers en Landsdiens

Reeds in die veertigerjare is die Voortrekkerbeweging by Laerskool President Pretorius aktief. Op 'n verskeidenheid wyses het dit deur die jare aan leerlinge die geleentheid gebied om aan 'n wye reeks sinvolle aktiwiteite deel te neem. Tydens 'n verskeidenheid nasionale feeste neem

GRAAD 6



Oeschger Ackerman, Riëtte Adelaar, Rohan Aucamp, Chrizanne Bekker, Johan Benadé, Micheal Benson, Nadené Beukes, Carinda Beytell, Jerry Booysens, Pieter Bornman, Werner Botes, Jean Bothma, Yolande Britz, Jacques Buys, Jonathan Cahill, Chris Conradie, Kaiser Cornelius, Louise de Beer, Henning de Bruyn, Pieter de Klerk, Zeniël de Meyer, Orrin de Ruiter, Kobus Delport, Antoinette Dreyer, Michele Dreyer, Laurika du Plessis, Andrea du Toit, Elaine du Toit, Jessica Eksteen, Leane Ferreira, Gregory Fortuin, Hermanus Freysen, Marli Gous, Nicolette Gouws, Wynand Handford, Melissa Hendrikse, Renaldo Horn, Justine Jordaan, Tinus Knoetze, Desdemona Kock, Narine Kolbé, Johanita Krige, Shan Kruger, Nadine Kuhn, Schalk Labuschagne, Clifford Lathleiff, Francois le Roux, Jo-Sal Lion, Sonja Lottering, Duvan Loubser, Belinda Lourens, Nell-Marie Lyon, Blessing Makaku, Lanél Maré, Lynette Matthysen, Marthinus Mienie, Connie Mulder, Harriëtte Naudé, Louwtjie Naudé, Alisa Nel,

die Voortrekkers aktief deel. Gedurende die sestiger- en sewentigerjare beleef hierdie beweging onder leiding van mnr. G.J. du Plessis 'n bloeitydperk. Sy goeie werk word voortgesit deur heelwat ander ouers en onderwysers, totdat die aktiwiteite van die kommando by PP in 1994 tot 'n einde kom en die oorblywende Voortrekkers by die ander lewenskragtige kommandos in Potchefstroom inskakel. Gedurende die tydperk van die bestaan van die kommando het heelwat leerlinge die Voortrekkers se Voorslagknoop en ander toekennings verwerf.

Die aktiwiteite van die Landsdiensbeweging begin in 1987 by Laerskool President Pretorius, en sedertdien het dit van krag tot krag gegaan. Ook hierdie beweging bied aan 'n groot aantal kinders die geleentheid om hulleself te verryk deur aan allerlei aktiwiteite deel te neem. Afgesien van die plaaslike aktiwiteite neem die skool se kinders ook wyer deel. Oor die jare is kinders van PP herhaaldelik gekeur vir deelname aan die Nasionale Kamp. In 1995 het Sydney Daniel die hoogste prestasie behaal deur Junior Springbok te word. Twee onderwysers, mev. L. Haasbroek en mnr. S.J. Briel, het die Silwer Springbok-toekenning verwerf.

Skaak

Skaak het veral sedert 1984, aanvanklik onder leiding van mnr. Arnold van der Merwe, 'n belangrike aktiwiteit by PP geword. Reeds in 1984 behaal vier spelers, nl. J.P. en Ollie Hobbs, Henk Wessels en Pieter J. van Rensburg, Wes-Transvaalse kleure en hulle word hierin in 1994 en 1995 deur Mentje Larney opgevolg. By meer as een geleentheid oor die afgelope dekade en 'n half presteer die skool se verskillende spanne goed in die Potchefstroomse ligas.

NAME VAN DIE GRAAD 6-LEERLINGE (VERVOLG)

Almarie Niewoudt, Danie Nortjé, Lungelo Nzo, Johan Oberholzer, Jacques Oosthuizen, Jannie Peens, Hilton Pretorius, Joycel Pretorius, Yolandy Pretorius, Pieter Prinsloo, Naomi Putter, Paul Raath, Riaan Raubenheimer, Kobus Roos, Mathilde Schade-Weskott, Martin Schoonhoven, Lia Schutte, Lanie Schutte, Laureley Simpson, Graham Stoppel, Annette Swanepoel, Adri Swart, Wayne Taljaard, Michelle Terblanché, Cecilia Theron, Gert van Aswegen, Maranda van der Merwe, Raschna van der Waldt, Nicolaas van der Walt, Alisha van der Westhuizen, Chantelle van Heerden, Johnny van Niekerk, Surina van Niekerk, Yvette van Noorden, Riaan van Zyl, Dirkie Venter, Shane Venter, Riaan Vermaak, Liandé Visser, Jana Vorster, Hanmari Vosloo, Carlo Wentzel en Lelani Wolfaardt.

Bybelvasvra

Sedert die middel-tagtigerjare neem leerlinge van PP feitlik elke jaar deel aan die Junior Rapportryersbeweging se Bybelvasvra vir laerskole en bereik daarmee groot hoogtes. Feitlik elke jaar is een of meer spanne onder die eerstes in Potchefstroom en in Wes-Transvaal. In 1988, 1989 en 1990 en weer in 1995 dring een van die spanne telkens as Wes-Transvaalse wenners deur na die nasionale eindrondte (onder die laaste nege uit vyfhonderd spanne). Op 20 Oktober 1990 behaal die PP-span, bestaande uit Hanlie Coetzee, Riaan Haasbroek, Annemarie Larney en Lili Preller, 'n glorie-prestasie deur die nasionale wenners van dié kompetisie te wees.

Diverse

Afgesien van wat hierbo vermeld is in spesifieke kategorieë, moet 'n aantal ander prestasies en aktiwiteite ook vermeld word:

- Reeds vir baie jare bestaan die tradisie by PP om aan die einde van die jaar 'n kunsuitstalling te hou van die kinders se kuns- en handwerkartikels wat gedurende die jaar gemaak is.

- Individuele kinders het oor die jare pragtige prestasies behaal. Die tans bekende violis, Piet Koornhof, het in 1972 toe hy 'n leerling van President Pretorius was die prestasie behaal om gekies te word om saam met die SAUK-orkes op te tree.

- Afgesien van die feeste wat elders vermeld is, het die kinders van PP oor die jare telkens die geleentheid gehad om deel te neem aan verskillende feeste in nasionale en kleiner verband. Hieronder tel die verskillende Republiekfeeste, asook die Fees van die Grond in 1968 en 'n Taalfees in 1969.

- Naas die kunswedstryde en skoolkonserte is ander uitvoerings ook gehou, waaronder kersuitvoerings in 1971 en 1976.

- Die skool se eerste jaarblad het in 1936 verskyn en daarna waarskynlik meer keer. Met die tagtigjarige fees in 1977 is 'n omvangryke gedenkblad uitgegee.

- . . . en les bes: 'n rooiletterdag in die geskiedenis van die Laerskool President Pretorius: op 17 Maart 1938 het die eerste rolprentvertoning by die skool plaasgevind.





HOOFSEUNS


1975	Hardus Pieters
1976	Bertie van der Walt
1977	Henk Voordewind
1978	Deon Smit
1979	Neels Babst
1980	André de Smidt
1981	Francois Hugo
1982	Johannes Wessels
1983	Hessel Turkstra
1984	Oktavius Vermooten
1985	Johan Grobbelaar
1986	Naas van Rooyen
1987	De Villiers du Toit
1988	Leon Haasbroek
1989	Lawrie Wright
1990	Matthys Wessels
1991	Fanus van Wyk
1992	Hannes Schutte
1993	Errol van Niekerk
1994	Morné Minnaar
1995	Willem Giesing
1996	Rumando Kok
1997	Kobus Jansen van Rensburg

ELGRO HOTEL — ELGRO RIVER LODGE

- Potchefstroom -

Die drie-ster hotel bied aan u:

- luukse akkommodasie;
- ses ten volle toegeruste konferensielokale vir die aanbied van professionele konferensies;
- unieke funksies vir spesiale geleenthede;
- vermaaklikheidsaande met uitstekende kunstenaars en orkeste;
- Zeederberg restaurant vir a la carte en voorsny-etes;
- Sportkroeg.



Die lodge is geleë op die wal van die Vaalrivier, slegs 25km buite Potchefstroom en bied aan u:

- luukse chalets;
- konferensiefasiliteite;
- unieke funksies in die lapa;
- wildbesigtigings-toere;
- vlieghengel vir die vissermanne;
- wandelroetes;
- kanovaart.

Pakkette word saamgestel om elke gas se sak te pas

U gerief, ons plesier

Tel: (0148) 297-5411

MOOIBANK - JUNIOR PRIMêR -




Angenessa Bierman, Sulandi Blaauw, Johans Botes, Natasja Botha, Bettie Botlhoko, Elsie Danster, Catharine Danster, Christo du Toit, Amelia du Toit, Chris Ferreira, Charles Foster, Fanie Foster, Stefan Gouws, Angelique Jacobs, Louis-Jean Kotzé, Wayne Kuhn, Justine Labuschagne, Jean Minnie, Siohban Oelofse, Braam Potas, Patricia Potas, Marno Pretorius, Heinrich Prinsloo, Schmoné Reynolds, Anthony Richards, George Richards, Venessa Roux, Gertjie Saaiman, Johan Smit, Yolandy van der Westhulzen, Yvette Venter, Rijan Venter, Anto Viljoen, Jayde Visser en Maria Zondi.

Onderwysers: Mnr. C. de Wet en me. L. de Klerk

HOOFDOGTERS

1975	Elsabé Dekker
1976	Hettie Kilian
1977	Erika van Rensburg
1978	Elmarie Coetzee
1979	Tilla Buys
1980	Mariette Boshoff
1981	Jolita Redelinghuys
1982	Cecilia Malan
1983	Franciska Scott
1984	Bettie Wessels
1985	Karen du Preez
1986	Marie Hugo
1987	Annelize Cloete
1988	Sanet Coetzee
1989	Anél Dippenaar
1990	Hanlie Coetzee
1991	Beltha Myburgh
1992	Sybel Kroon
1993	Corné Vermeulen
1994	Mia Schutte
1995	Dorette Valks
1996	Catrien Mulder
1997	Andrea Williams



Die halfjaarlikse rapport (foto bo) van Hendrik G. Kruger wat dateer uit 1957. Mnr. Kruger is 'n bekende sakeman in Potchefstroom en tans nog 'n ouer van die skool. Só lyk die skoolrapporte vandag (foto onder).



Loodgieterprobleme?
Skakel
THE DRAIN SURGEON
Tolvry 080 11 11470
Tel: (0148) 297-4367
Sel: 083 6262 521



Geluk aan PP met jul 100ste bestaansjaar!

MOOIBANK - SENIOR PRIMêR -




Ian Bierman, Christine Booyens, Frikkie Boshoff, Leana Botha, Riaan Bouwer, Chantelle Britz, Johan Britz, Anna Danster, Christo du Toit, Adette Ferriera, Wayne Fischer, Josie Fouche, Jaco Fourie, Nardus Haasbroek, Armand Hagendoorn, Anestasia Hagendoorn, Natasha Harford, Johan Heenop, Charl Heyneke, Jac Hoffman, Louis Hoffman, Chantelle Holt, Nico Hougaard, Petru Jacobs, Bianca Jansen, Juan Jansen, Mariska Jonker, Shani Marx, Dalene Norval, Marius Pretorius, Heine Pretorius, Natasha Roux, Rouell Schutte, Minyon Schutte, Michele Smit, Shani Swanepoel, Gerhard Swanepoel, Reon Tompson, Rolansia Tompson, Zani Van der Linde, Martin van der Linde, Hanri van der Schyff, Piet van Niekerk, Michele van Petegen, Christelle van Schalkwyk, Hendriko van Schalkwyk en Frederick van Wyk. **Onderwysers:** Mnr. C. de Wet en me. L. de Klerk.

Geluk aan Laerskool President Pretorius met hul

EEUFEESVIERING

(Hierdie boodskap is geborg deur die Turkstra-familie)



W.J. Jooste, voormalige Volksraadslid vir Potchefstroom in die ZAR na wie die W.J. Jooste Gift School vernoem is as gevolg van sy finansiële steun.

Spesiale Onderrig

Jaco Bruwer, Andries Bruyns, Gertjie Coetzer, Leon de Bruin, Sophy du Plessis, J.P. Engelbrecht, Denice Jafta, Sibusiso Khumbuza, Gert Olivier, Milton Steyn, Rhowellen Swartz, Xander van Straaten, Johann van Zyl, Adriaan Venter, Jaco Vermaak, Zayn Williams en Morné Yssel.



H & S
ELECTRICAL SERVICES (Pty.) Ltd.
ELEKTRIESE DIENSTE (Edms.) Bpk.

Baie geluk met die 100-jarige vieringe.

Sterkte vir die volgende 100 jaar!

Henry Swanepoel

Tel: (0148) 297-5012
(0148) 297-4208 (na-ure)

Posbus 6327
Bailliepark
POTCHEFSTROOM
2526

'N HUIS VIR ELKE LEERLING

Vir 100 jaar al is PP 'n huis vir elke leerling. Alhoewel die huis se vorm al baie verander het, is die fondament nog baie stewig.

Dit is 'n fondament uit rots gekap. 'n Fondament gebaseer op geloof. Hierdie geloof het deur die jare die tradisie, standaarde en dissipline bepaal. Hierdie huis het verander van 'n plaasopstal tot 'n moderne huis met faksmasjiene en rekenaars. Een ding het nie verander nie: die warm kaggelvuur wat brand, en bly brand. In hierdie huis kan elke leerling tuis, veilig en warm voel.

Hier kan jy ontwikkel van 'n klein haasbek tot 'n jong adolessent reg vir die hoërskool. Elkeen het geleenthede gehad om deel te neem aan aktiwiteite, en hoe trots het 'n mens gevoel op die helder kleure van PP-skool.

Hierdie skool sal nog voortbestaan omdat hierdie kaggelvuur bly brand deur kole van geloof.

HOOFLEIERS 1997

Prefekte

Voor: Anka Cornelius, Kobus Jansen van Rensburg, Leandri Haasbroek, mnr. P.M. Roodt, Corné Grimbeek, Marius van der Westhuizen en Isabel Vermeulen.

Middel: Ryno Coetzee, George Knell, Coertzen van der Merwe, Maarten van Wyk, Willie de Kock, Theunis Cloete, Jurgens Barnard, Steane van der Linde, Johan Knell, Abrie Cloete en Johann Olivier.

Agter: Rizanne Kok, Madie Valks, Tanya Mitton, Marie Daniël, Liezl Pienaar, Andrea Williams, Heidi Tromp, Elizna Lourens, Yvette van der Merwe, Lynette van der Merwe en Sara-Lea Wessels.

Christopher Abrahams, Luciano Abrams, Elmarié Arnold, Elsje Barkhuizen, Anna-Marie Barnard, Jurgens Barnard, Sabine Bauers, Herman Beukman, Willem Botes, Ingelize Botha, Lelané Botha, Christelle Bothma, Chelinea Burrel, Frans Byleveld, George Cafeteiro, Willie Cilliers, J.P. Claasen, Abrie Cloete, Theunis Cloete, Rayno Coetzee, Anka Cornelius, Elsa Cupido, Marie Daniel, Shadene Danster, Willie de Kock, Jocelyne Debyshire, Juliana Diederiks, Marlize Donaldson, Juan-Pierre Dreyer, Leandri Duvenhage, Wayne Espach, Hanmarié Fourie, Dusty Freudiger, Chantél Giesing, Petro Grainger, Corné Grimbeek, Erhard Grobler, Leandri Haasbroek, Anita Hanekom, Johan Heese, Marizka Henzen, Kobus Jansen van Rensburg, Albert John, Pieter Jooste, Landré Joubert, Petrus Kapp, George Knell, Johan Knell, Izak Koen, Rizanné Kok, Mariska Korff, Rudolf Lategan, Alichia Leahy, Amanda Lourens, Derick Lourens, Elizna Lourens, Lizeth Louw, René Louw, Peet Louwrens, Rozalia Mackers, Elsie Maritz, Juan Maritz, Tanya Mitton, Ronelle Naudé, Jessica Nelson, Johan Nolte, Johann Olivier, Ettienne Oussoren, Rosey Palmer, Lirial Paulsen, Liezl Pienaar, Nicolene Pretorius, Rudi Pretorius, Stefnie Pretorius, Alida Redelinghuys, Emmaline Sandrock, Pieter Schempers, Reinhardt Schmidt, Zelda Schoenfeld, Retha Schutte, Pieter Smit, Limari Smith, Maryke Soru, Ivana Steyn, Ryno Strydom, Lindie Swart, Chantell Taljaard, Heidi Tromp, Marius Uys, Madie Valks, Yolanda van Bemmel, Steane van der Linde, Lynette van der Merwe, Coertzen van der Merwe, Yvette van der Merwe, Marius van der Westhuizen, Hentie van Eeden, Juanita van Heerden, Carolien van Niekerk, Piet van Rensburg, Cheryl van Tonder, Madelein van Tonder, Jo-Anne van Wyk, Maarten van Wyk, Dawie Vermaak, Isabella Vermeulen, Lizette Vermeulen, Gerhard Vlok, Sara-Lea Wessels, Andrea Williams en Bertus Wolmarans.



Graad 7

Oudleerling onthou ...

Die meneer met slaapsiekte, en die mooiste meisie

Hein Hoffman se haastige geaardheid was in standerd drie hinderlik vir sy onderwyser, mnr. Marais. As plaasseun van Makwassie se wêreld af was Hein gewoond aan vinnig en raakvat, en dit het hom goed te pas gekom toe hulle as Voortrekkers lusern moes sny vir mnr. Le Roux.

Hein wat die afgelope veertien jaar op George woon, was van st. 3 tot 5 gedurende 1949 tot 1951 in PP. Hy was skrumskakel in die eerste span en het sy liefde vir LO gekry by mnr. Wouter de Vos wat Wes-Transvaal se rugbykaptein en LO-onderwyser was. Hein was ook 'n bokskampioen in die President Pretorius Boys Boxing Club wat deur mnr. Abe Silber afgerig is.

Standerd 5 by mnr. Le Roux was vir hulle heerlik omdat die onderwyser aan slaapsiekte gely het. "Hy gee nog so klas dan val hy aan die slaap, en die bril val van sy oë af op die tafel, en op die grond. Wanneer hy ná vyftien tot twintig minute wakker skrik, begin hy weer van voor af met die les ... twee tot drie keer per dag. In sy slaaptyd het die seuns by die agterdeur uitgegaan en buite gesels, toilet toe gegaan of albaster gespeel. Die meisies het lekker sit en klets".

Dieselfde mnr. Le Roux het vir hulle Voortrekkers gegee - 16:00 by Wasgoedspruit se brug. Op sy burger-erf moes hulle hul eer as Voortrekkers wys deur Saterdae met sekels lusern te sny vir 'n halfkroon -- en hulle het nooit weggebly of gekla nie want Voortrekkers was manne van kaliber wat nie vir werk geskrik het nie.

Die heel lekkerste was egter die Hollandse operette in 1950 met die wonderlike dekor wat deur juffrou Venter in die Stadsaal aangebied is. Saam met die mooiste meisie in die skool, Helene van Rooyen wat ballet geneem het, moes Hein 'n Hollandse dans met klompe doen, ... "en ek het in die wolke gesweef"!

Hein het later aan Gimnasium gematrikuleer, sy BA Liggaamlike Opvoeding onder dr. Danie Craven op Stellenbosch verwerf en was vir jare lank die beste LO-student in prakties asook die SA Universiteite Liggewigbokskampioen. Ongelukkig het dit en 'n motorongeluk die 58-jarige Carl Heinrich Hoffman se gesondheid 'n ernstige knou gegee sodat hy onlangs sy sakebelange in George laat vaar het.

"My kaalvoetjare by die spogskool PP met sy puik, toegewyde hoofde en onderwysers laat trots, heimweë en aangename herinneringe deur my spoel.

Is die pragtige rotstuine nog aan die regterkant van die hoofingang uit Van Riebeeckstraat?"

Verskeie oudleerlinge het op reünie-advertensies in koerante gereageer en hulle besonderhede aan die skool gestuur. Enkele van hierdie oud-PP's het ook briewe gestuur met hulle skoolherinneringe. Een daarvan het van Hein Hoffman van George gekom. Twee van die interessanthede waarvan hy vertel, was oor 'n onderwyser met slaapsiekte, en "die mooiste meisie in die skool" wat sy konsertmaat was.

Elektriese probleme?
Skakel

THE ELECTRO CLINIC
"Quick As A Wink"

Tolvry 080 11 11470
Tel: (0148) 297-4367
Sel: 083 6262 521




Veels geluk, President Pretorius, Laerskool met jul eeufeesvieringe!


Dienswerkers




Mev. Paulina Nyokong



Mnr. Elias Marumo



Mnr. Salthiel Motlhabane



Mnr. Isaac Matlawe

PP-personeel

deur mev. M. van Wyk

PP-personeel is uitgesoek soos 'n goeie boek
Nie opgetel agter elke hoek -
As mnr. Mountjoy die oggend deur sy swart kuif loer,
weet almal dat daar dié dag iets sloer -
Wie ken nog vir Juf. Janie in die wetenskapklas
As jy nie huiswerk doen nie - het sy jou verras!
Miss. Bucher leer jou Engels praat
maar haar feet were sore - en sy het ons verlaat
As jy aan fondsinsameling dink - gaan skiet die manne 'n bok
en Me. du Toit sê: Specials moenie jok!
Maryna van Wyk met 'n kwinkslag hier en daar
'n verfkwas hot en haar - Sy was gereed voor
'n koor en het in die sangklas getoor.
Oom Faan Duvenhage is deesdae 'n boer
want Geskiedenis maak mens vaak - net een oog loer
Toe had die biblioteek nog bestaansreg
en Juffrou Antjie is kwaai - die boeke raak weg
Juffrou Simpson was die juniors se baas
maar deesdae is sy 'n dosent - net so belangrik soos Naas
Die van Rensburg-gesin byt nog vas - Juffrou Elize run die netbal
en oom Paul lees gedigte - in die kol.
Van die jonger personeel aanvaar ook deesdae ouerskap
Juffrou Jackie en Mnr. Kalahari
maar Briel en Greyling soek nog vrou - nie waar nie?
Me. Hattingh en Haasbroek is staatmakers op die stoep
Schoonwinkel sê As ek nie volkspele oefen nie is dit die weermag wat roep
Carina Valks die helpende hand
en Mnr. Hare tans die hoof van PP-land
die sangklas word nou deur Juf. Elsie beheer
en Juffrou Rix laat die kinders Engels leer
Die admin personeel ken hul werk nou reeds goed
en vir Panagos se uithouvermoë lig ons die hoed
PP jul word nou oud!
en die kinders v-r-e-e-s-l-i-k stout.

Agter:
me. M. Stafford, me. M. van Niekerk, mnr. J.R. Stewart, mnr. R. Greyling, me. H.J. Enslin, mnr. S.J.C. Briel, me. V. Stewart en me. C.J.Z. Valks.

2de ry van agter:
me. J.C. Bothma, me. M.E. Schoon-winkel, me. E. van Rensburg, me. R. Kruger, me. E.P. Panagos en me. T.A. Mountjoy.


2de ry van voor:
me. F.A. Odendaal, me. A.S. van Aswegen, me. E.M. van der Merwe, me. B.J. Coetzee, me. R.E. Gadney, me. H. Prinsloo en me. B.N. Wiid.

Voor:
me. A.E. Hattingh, mnr. P.M. Roodt, mnr. E. Hare (waarnemende hoof), mnr. P.H.J. van Rensburg en me. L.M. Haasbroek.



Personeellede


1930
PRES. PRETORIUSSKOOL



ERKENNINGS

Gepubliseer en uitgegee deur die
Laerskool President Pretorius
Privaatsak X18, Potchefstroom, 2520
Tel: (0148) 294-4237 • Faks: (0148) 294-6914

HISTORIESE NAVORSING
Dr. Elize van Eeden, PU vir CHO

SAMESTELLING
Dawie Botes
Theo Cloete
Erika de Beer
Vincent Eastes
Rix Kruger
Tom Larney
Willie Louw
Annatjie van Aswegen
Elize van Eeden
Gert van Rooyen

Finaal saamgestel deur die Buro vir Bemarkingsdienste, PU vir CHO

UITLEG EN ONTWERP
Vincent Eastes, PU vir CHO

FOTO'S
Leith Haarhoff/Monica Roux
(Fotografiese Dienste, PU vir CHO)

ADVERTENSIES
Gert van Rooyen & Eugene Hare

DRUKKERS
Klem-Lloyd/DCU


LAERSKOOL
PRESIDENT PRETORIUS